Pectora roborant cultus recti

# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXXIII Nr. 5 PRYS 10c

VRYDAG, 27 APRIL, 1979

CARNEGIE - BIBLIOTEEK [illegible] STELLENBOSCH 14-5-1979 CARNEGIE LIBRARY UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

# ASB: NA TIEN JAAR WEER NEE

DIE poging om Stellenbosch terug aan die ASB te kry, het misluk. Nagenoeg 42 persent van die stemgeregtigde Maties het met 'n meerderheid van stemme teen individuele heraffiliasie sowel as die SR-voorgestelde wyse van affiliasie gestem. Daarmee het Stellenbosch sonder enige twyfel bewys dat die meerderheid nie binne die ASB in studentepolitieke wil deel hê nie.

Die stemming het soos volg verloop:
Van die 41,98 persent wat gestem het, het 54,9 persent teen die voorgestelde wyse van affiliasie gestem en 42,2 persent daarvoor. 68,9 persent het teen individuele affiliasie gestem en 27,3 persent ten gunste daarvan. Uit 8 714 stemgeregtigdes het 3 659 gestem waarvan 22 bedorwe stemme was.

### HUIS MARAIS

**Die hoogste stempersentasie is in Huis Marais behaal met 'n stempersentasie van 100%. Monica was die dameskoshuis met die hoogste stempersentasie, naamlik 99,3%.**

In Simonsberg en Wilgenhof is 'n stempersentasie van onderskeidelik 98,78% en 98,49% behaal. In Heemstede was die stempersentasie 98,66%.

Die stempersentasie by die verskillende fakulteite het ook 'n paar interessante feite opgelewer. By die Regsfakulteit het 54,47% gestem, terwyl die Fakulteit van Opvoedkunde 'n skamele stempersentasie van 10,28% getoon het.

Die besonderhede van die verskillende koshuise en Fakulteite verskyn op bladsy 7.

**DIE SR-voorsitter, mnr. Jan de Wet, het gister die volgende verklaring n.a.v. die ASB-referendum aan *Die Matie* uitgereik:**

Met die afgelope referendum het die Studenteraad die studente-unie getoets oor sy gevoel oor die ASB. Die rede hiervoor was hoofsaaklik tweërlei van aard: enersyds omdat die verhouding van Stellenbosch t.o.v. die ASB jaarliks telkens bevraagteken word en daar al 'n geruime tyd gevoel word dat die hele aangeleentheid op die spits gedryf moet word, en andersyds, omdat die SR daarvan oortuig is dat Stellenbosch se aandeel in die Suid-Afrikaanse Studentepolitiek meer dinamies kan wees en dat nouer skakeling met die ASB hiertoe kan bydra.

Die uitslag van die verkiesing het alle twyfel uit die weg geruim: die oorgrote meerderheid van Stellenbosse studente wil nie binne die ASB student-polities betrokke wees nie, selfs al is die aanvanklike beswaar van sentrumaffiliasie nie meer relevant nie. Met hierdie referendum word 'n era dus afgesluit en rus die onus op die studente van Stellenbosch om self na ander alternatiewe te soek. Hieraan sal die SR steeds, soos in die verlede, sy aandag gee. Stellenbosch gaan nou 'n nuwe toekoms in en ek wil 'n beroep op alle studente doen om weer ernstig te gaan besin oor die wyse waarop hierdie studente-unie sy aandeel in die land se studentepolitiek tot 'n maksimum kan uitbou. Ek wil graag alle persone wat aan die referendum deelgeneem het, en in besonder dié wat met die organisasie daarvan gemoeid was, opreg bedank.

## *Uitslag*

| | | |
|---|---|---|
| Wyse van affiliasie: | | |
| Daarteen | 1997 | 22,91% |
| Ten gunste | 1535 | 17,61% |
| Buite stemming | 105 | ,1,20% |
| Individuele Affisialie: | | |
| Daarteen | 2505 | 28,74% |
| Ten gunste | 993 | 11,39% |
| Buite stemming | 139 | 1,59% |
| Aantal stemgeregtigdes | 8714 | |
| Stemme uitgebring | 3659 | |
| Stempersentasie | 41,98% | |
| Bedorwe stembriewe | 22 | |

## Mej. Ing.




*Die pragtige Anita du Plessis, 1979 se Mej. Ingenieur, sal môre weer die jaarlikse trapkarwedren afsit. Sy is 'n derdejaar van Harmonie en kom van Heilbron. (Lees berig oor trapkarwedren op bladsy 9.)*

# Blanke minderheid: — Pas aan of sterf

DIE Afrikanerleiers moet versoen raak met die feit dat hulle 'n minderheidsgroep vorm wat in die nuwe omstandighede nie langer as 'n blanke *elite*-regering alleen vir die hele bevolking sonder hul toestemming kan wette maak nie, het prof. Floors van Jaarsveld, hoof van die Departement van Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, verlede Dinsdag voor 'n groot aantal geesdriftige toehoorders in die Wilcockssaal gesê.

Prof. Van Jaarsveld, een van die voorste historici in Suid-Afrika, wat onlangs in die nuus was deurdat hy tydens 'n toespraak in Pretoria deur lede van die Afrikaanse Weerstandsbeweging geteer en veer is, was die gas van die Departement van Geskiedenis.

Onder die titel — Die Evolusie van Apartheid, 1948-1978 — het hy as "historikus en nie as politikus" historiese perspektief aan die afgelope dertig jaar gegee.



**PROF. F. VAN JAARSVELD**

Hy deel die tydperk in drie fases op: Die eerste fase van ideologiese, doktrinêre en negatiewe apartheid gedurende die Malan- en Strijdom tydperk, waarin mense en groepe deur wetgewing hermeties van mekaar geskei is.

Die tweede fase — die Verwoerdfase — waarin "afsonderlike ontwikkeling" geïnspireer is deur die dekolonisasie van Afrika sedert 1957 en wat op swart tuislande as 'n interne dekolonisasieproses neerkom.

Die derde fase, in die Vorster-era, was grootliks 'n reaksie teen die naderskuiwende rewolusie van Afrika. Die val van die Portugese kolonies in 1974 en die Soweto-opstande van 1976 was hier die grootste invloede. Dié tydperk is gekenmerk deur eksterne dialoog en dètente met Afrika en ná 1974 interne konsultasie met die nie-blankes.

"Die Regering is op pad na 'n multidimensionele oplossing vir die rassevraagstuk. Die situasie in Suid-Afrika het tot ernstige nadenke onder veral akademici gelei."

"Soos die Apartheidsbeleid van 1948 die 'foute' van die verlede wou herstel, só het die veranderde omstandighede opnuut 'foute' in die apartheidstelsel, wat met die oog op oorlewing uitgeskakel moes word, ontdek."

"Die ou slagkreet 'segregeer of sterf' is vervang deur 'pas aan of sterf.' Die besef het deurgebreek dat die einde van 'n blanke-gedomineerde era bereik is.

"Dit het die Nasionale Party byna dertig jaar gekos om te ontdek dat daar iets soos rassediskriminasie bestaan."

"In die plek van die 1948-monisme is 'n veelheidsopvatting besig om hom in die Suid-Afrikaanse demokratiseringsproses te vestig. In plaas van 'n veelrassige eenheidstaat, is 'n veelheidstaat besig om vorm aan te neem."

## *LEIERS SÊ HUL SÊ:*

# STELLENBOSCH REEDS STUDENTE-ORGANISASIE

"INDIEN die ASB nie vanuit hulself dinamiese inisiatief het nie, sal dit ongesond wees om dit in hulle te probeer blaas" het mej. Ilse Treurnicht, Maandagaand op 'n SAAK-vergadering gesê.



**MNR. THEUNS ELOFF**



**MEJ. I. TREURNICHT**

Mej. Treurnicht was een van die vier sprekers wat die vereniging toegespreek het oor die voor- en nadele as Stellenbosch ingevolg 'n nuwe stelsel by die ASB heraffilieer.

Die ander sprekers was Mnr. Jan de Wet, SR-Voorsitter, mnr. Theuns Eloff, SR-Voorsitter van Potchefstroom en die huidige president van die ASB en Mnr. Hilgard Bell.

Mej. Treurnicht het gesê dat sy dit as 'n baie positiewe stap beskou dat die ASB wel besig is om te verander.

### BESWARE

"'n Mens behoort egter morele besware te hê om binne 'n organisasie in te gaan bloot om hom te probeer verander. Die Universiteit van Stellenbosch is reeds opsigself 'n studente-organisasie met 'n unieke infrastruktuur waar skakeling prakties baie beter funksioneer."

### KONSOLIDASIE

"Indien jy Afrikaner-konsolidasie as eerste prioriteit stel, gee jy 'n tree terug in die rigting van strukturele seksionele belange. Ons moet brûe bou en 'n stap terug na die ASB is 'n stap agteruit op 'n oomblik waar ons nie so 'n stap kan bekostig nie."

### SKAKELING

"Wat ons nodig het, is 'n *basiese* skakeling met anderskleurige studente — nie 'n rondom 'n ronde tafel met bloudrukke nie, maar 'n vleisbraaiery om te sien dat hulle net sulke mense soos ons is."

Mej. Treurnicht het gesê dat Stellenbosch in die tien jaar van sogenaamde isolasie 'n meer ope gespreksituasie bereik het. "Ons het ook 'n mandaat aan die SR gegee om polities 'n meer kreatiewe rol te speel."

### ELOFF

Mnr. Eloff, as ASB hoofbestuurslid, het verduidelik hoekom Stellenbosch wel met die ASB moet affilieer. Hy het gesê dat die ASB 'n skakelingsvlak vir Stellenbosch bied. "Die mening van Maties behoort landswyd gehoor te word." Stellenbosch sal wat studentepolitiek betref, nie meer in die koue staan nie.

**"Dat die ASB die Maties se 'oop gesprek' met ander bevolkingsgroepe sal benadeel, is 'n drog-argument. As jou vel wit is, is amptelike skakeling met swart en bruin kampusse baie moeilik. Hulle vra nie of die kampus verlig, verkramp geaffilieer by ASB of NUSAS is nie.**

"Die ASB sal geen nuwe stempel op Stellenbosch afdruk nie. — Die anderskleurige studente sal steeds op informele basis (soos óók met die ASB) met Stellenbosch skakel.

**"Daar 85% van Stellenbosch se studente Afrikaans is, is dit ten minste hul reg om self te besluit of hulle deur middel van hulle SR 'n mening binne die ASB wil lug.**

# NA-OORLOGSE DUITSE DRAMA IN THOM

## MAX FRISCH-STUK VANAAND

ANDORRA van Max Frisch word van vanaand af in die H.B. Thom-teater deur UTS opgevoer. Die toneelstuk is onder spelleiding van Johann van Heerden en word weer op 28 April en van 3 tot 5 Mei opgevoer. Die rolverdeling is soos volg: Dawid Minnaar (Andri), Annette Marais en Elmari van Niekerk speel om die beurt Barblin, Elize Britz en Libby Daniels speel om die beurt die Moeder, Jannie Gagiano (die Soldaat), Nico Loubser (die Onderwyser), Noël Roos (die Dokter), Emile Aucamp (die Idioot), Sampie Heyns Hendricks (die Skrynwerker), Conrad Heyns (die Iemand), die Senora se rol word onderskeidelik deur Christa Kotzé en Anel Oberholzer vertolk. Niel le Roux (Priester), Chris van Jaarsveld (Herbergier) en David Muller (Ambagsman).

Max Frisch en Friedrich Dürrenmatt is van die belangrikste na-oorlogse Duitse dramaturge. Kruik het in die afgelope jare *Don Juan* en *Die Brandstigters* van Frisch opgevoer. *Andorra* is in 1961 geskryf en in 1964 in Engels in die National Theatre opgevoer.

*Andorra* is tydloos. Frisch werk met universele probleme soos die skuldgevoel in 'n gemeenskap, die mens se traagheid om skuld te erken en die neiging om 'n sonderlinge mens te wil uitwerp.

### BRECHT

In die stuk kan die invloed van Bertolt Brecht gesien word. Die gebeurtenisse vind nie in die tradisioneel-chronologiese wyse plaas nie, maar vervorm van verlede tot hede.

*Andorra* is gekies spesifiek omdat elke student daarby kan leer en dit sal geniet. Frisch het beklemtoon dat die toneelstuk geen verband met die staat Andorra hou nie. Die dorpenaars in die stuk is almal verskillend die herbergier, die dokter en die skrynwerker.

### JOOD

Hulle stem egter almal saam dat hulle land een van "vryheid en regte en menseregte" is. Volgens die dokter kan 'n mens nog die waarheid in hul land praat. Daarom is dit ironies dat die onderwyser vir twintig jaar al met 'n leuen saamleef. Die "Joodse" seun wat hy van die "swartes" oorkant die grens gered het, is sy eie seun.

Andri, die seun, het ouer geword en die gemeenskap sien hom as 'n "buitestaander" en een wat "anders" is. Wanneer die onderwyser dan op 'n dag die waarheid wil vertel, glo niemand, insluitend Andri, hom nie. Andri is al so gewoond aan die omstandighede dat hy aan homself as niks anders as Joods kan dink nie.

*Andorra* is 'n sterk sielkundige drama. Daarbenewens sal diegene wat in politiek of geskiedenis belangstel ook die toneelstuk interessant vind.

Buiten die dramastudente is daar vanjaar van 'n groot aantal buitespelers gebruik gemaak. Emile Aucamp en Noël Roos is dosente verbonde aan die Dramadepartement. Jannie Gagiano is die aan die Dept. Staatsleer verbonde en Nico Loubser hou by Paul Roos-Gimnasium skool.

Die kostuums is deur Elaine Aucamp versorg en Emile Aucamp behartig die tegniese versorging. Die dekor is deur Marjorie van Heerden ontwerp. Dr. Roelof Temmingh het 'n klankbaan van elektroniese musiek en effekte spesiaal vir hierdie program saamsgestel.

### SUKSESVOLLE REGISSEUR

Johann van Heerden is een van die land se jong regisseurs wat reeds bewys het dat hy suksesvolle opgang maak.



JOHANN VAN HEERDEN

Plekbesprekings is by teaterbesprekings (Edrich).

RACHELLE GREEFF



*'n Oomblik van konsentrasie tussen die Andorraners: Andri (Dawid Minnaar), die priester (Niel le Roux) en die koster (Leon Theart) afgeneem gedurende 'n repetisie. Andri is die "buitestaander", die een wat "anders" is. Andorra van Max Frisch, opgevoer deur die Universiteitsteater en onder spelleiding van Johann van Heerden open vanaand in die H.B. Thom-teater.*


VIVE LA DIFFERENCE NR. 2

Weereens 'n toer deur die Departement Frans o./v. prof. Eben Meiring.

23 Dae deur Europa. Vertrek 22 Junie – keer 15 Julie terug.

Toerprys: R1295 met 3 maaltye per dag ingeslote.

VIR VOLLE BESONDERHEDE, KONTAK:

JET INTERNATIONAL Travel

Trust Bank Sentrum
Andringastraat 43
Stellenbosch 7600
Posbus 3038, Stellenbosch 7600
Telefoon 71136
Teleks 57-6980 C.T.


## FORTUNE'S FIRE IN ENDERSAAL

# Tenoor en Luit 'n Belewenis

DIT is baie moeilik om 'n konsert soos dié van die Britse duo, Fortune's Fire, in woorde te beskryf. Di[e] konsert van die tenoor Wynford Evans en luitspeler Carl Shavitz verlede Vrydagaand in die Endlersa[al] was 'n ryke belewenis.

Wynford Evans se sang laat 'n mens vergeet om hande te klap. Sy aanvoeling vir styl, frasering, asembeheer en sy onbesproke diksie is werklik voortrefklik.

### TEGNIEK

Evans laat 'n mens van die tegniese sy van die musiek vergeet. Sy sang word gekenmerk deur 'n goed deurgevoerde klanklyn en *bewuste* tegniek word tersyde gestel.

### SAMESPEL

Die samespel tussen Evans en Carl Shavitz (luit) is, soos 'n mens van twee knap musici wat reeds vanaf 1968 saamspeel, kan verwag, uitstekend. Die program het grotendeels uit komposisies vir luit en tenoor uit die 16de en 17de eeu bestaan. Hulle het ook op spesiale versoek 'n werk van Phyllis Tate ingesluit. Dié werk het sonder twyfel dié hedendaagse komponis se aanvoeling vir vokale en luitmusiek bewys.

### MOEILIKE WERKE

Fortune's Fire voer baie moeilike werke uit, maar die gehoor het dit baie geniet. Hoewel hul musiek waarskynlik nie in elkeen se smaak val nie, moe[t] enige iemand erken dat dit 'n belewen[is] was.

DANA DE WAA[L]

## Nuwe Penseel Eersdaags

DIE ASK se publikasie *Penseel* waarin studentedigters en skrywers geleentheid het om hul werk gepubliseer te kry, verskyn weer eersdaags. Daar word beplan om die verskyning daarvan te laat saamval met KULTUS-week. Die publikasie is na verskyning teen 50c verkrygbaar by die Dept. Afrikaans en Nederlands in die Wilcocksgebou. Dit word aanbeveel vir enigiemand wat 'n belangstelling in die ontwikkelende letterkunde het. Voornemende publiseerders kan by voorbaat bydraes vir die volgende uitgawe van *Penseel* stuur aan: Die Redaktrise, *Penseel*, Wilcocksgebou, Stellenbosch stuur. Die redaksie is veral begerig om bydraes van die Tygerbergkampus te ontvang.


FOTO STUDIO LOCKLEY

Cor Langenberg,
DIE FOTOGRAAF VIR DIE STUDENT
Vir u groepfotos, portret paspoorte,
huweliksfotos en gradeplegtigheidsfoto's.
KOM NA ONS VIR PERSOONLIKE DIENS
TEL. 3131 PLEINSTRAAT
BESTEL VROEG VIR HUISFOTOS!


## Kuns Kalender

**H.B. THOM-TEATER**

27 en 28 April; 3 – 5 Mei – *Andorra* (Max Frisch)

**KONSERVATORIUM**

6 Mei – Eric Martens (tjello).

9 Mei – Etensuurkonsert.

11 Mei – US-Blaasorkes saam met UK se Jazz Band.

13 Mei – Sondagaanduitvoering.

16/19/22 Mei – Beethoven-klavierkonserte: Kruik-orkes met Lionel Bowman as solis.

7 – 17 Mei – "Kinkels in die kabel" en "Die Wonderwerk" deur Kruik.

**FILMVERENIGING**

30 April – Rocco and his brothers.

7 Mei – Judex.


**Science Fiction-reeks**

1 Mei – Alphaville en Metropolis.


4 Mei – Dr. Strangelove en 2001: A Space Odyssey.

5 Mei – The Man Who Fell to Earth en Dark Star.


# Hier is u Radio Matie-Omroepers



*Johan Els is die hoofomroeper van Radio Matie. Hy is op kweekskool en bly in Helshoogte. Johan is lief vir 'n grappie oor die lug en klink soos 'n professionele omroeper.*



*Theunis Smit, primarius van Pieke, Suidwester en teoloog se ideaal is om mense gelukkig te maak. Hy laat die Maties aangename herinneringe beleef met sy "goue oues".*



*Herman Fourie is omroeper asook die Advertensiebestuurder. Hy is ook lid van Pieke se Juniorbestuur en maak ook gereeld sy verskyning vir die Maties op die atletiekbaan.*



*Chris Heymans, voormalige Hoofredakteur van Die Matie en tans besig met sy meestersgraad in Staatsleer. Die enigste ding wat hom vroeg uit die vere jaag, is 'n uitsendingsbeurt om 8.30 v.m.*



*Mariëtta Kruger. Tot verlede jaar nog 'n Puk, maar deesdae is sy 'n volbloed-Matie. Mariëtta is die enigste vegter vir vroueregte tussen die Radio Matie-omroepers. Sy is in Erica en swot vanjaar H.O.D.*

# "SCIENCE FICTION" ANDER BLIK OP WERKLIKHEID

WANNEER daar van 'science fiction' gepraat word, toon die meeste mense 'n heeltemal eensydige en totaal onmotiveerbare reaksie; goedkoop, effens gelerige leesstof, net so 'n trappie onder 'n swak 'western'. Groteske beelde van slymerige monsters wat met die heldin weghardloop of waansinnige wetenskaplikes wat in 'n borrelende proefbuis gluur, is vir hulle die ruggraat van dié genre.

Om so 'n uitsig te probeer verbreed d.m.v. 'n omvattende definisie van 'science fiction' werk ook nie; dit is 'n speletjie wat selfs die kenners al tot vervelens gespeel het. 'n Mens moet veel eerder na 'n paar eienskappe daarvan kyk, en na so 'n paar sentrale temas.

### VRYHEID

Seker die belangrikste hiervan, en dit wat hom tot 'n groot mate van ander kunsvorms onderskei, is die geweldige vryheid wat dit die kunstenaar bied, hetsy hy 'n skrywer of 'n filmmaker is. Dit impliseer glad nie dat dit 'n warboel van los idees in 'n vakuum tot gevolg het nie – enige werk moet konsekwent wees binne sy eie raamwerk – maar dat 'n kunstenaar sy eie raamwerk kan kies, of meer nog, kan definieer. ('n Goeie voorbeeld hiervan is Isaac Asimov se *Laws of Robotics*.)

Elke werk bepaal sy eie grense. Nog minder beteken dit dat 'science fiction' tradisieloos is. Die avonture van Odysseus vind telkens weerklank êrens tussen die sterre, of 'n nuwe Don Quixote en Sancho Panza bestorm metafisiese windmeulens. Die verskil is dat 'science fiction' progressief is, eerder as retrospektief. 'n Positiewe poging word aangewend om 'n houvas te kry op die onbekende, veral die onbekende van die toekoms.

### NUWE PERSPEKTIEF

'n Geharde realis mag dalk opspring en kapsie maak teen eteriese vaaghede, maar dat 'science fiction' ook relevant kan wees, is nie te betwyfel nie. Waar wil jy nou 'n interessanter reaksie op die totalitêre staat hê as in *Repent Harlequin, said the Ticktockman* van Harlan Ellison, of 'n beter studie van die mens onder geweldige stuk as in *Rogue Moon* van Algis Budrys? Selfs algehele fantasie is nie sinneloos nie. C.S. Lewis sê fantasie was jou vensters. Dit stel jou in staat om nuwe perspektief op die werklikheid te kry en dit dalk beter te verwerk.

Die film voeg nog 'n dimensie by. Die projektor as 'dream machine' laat die fantasie voor ons visueel en hoorbaar werklik word – "*2001* was a film not *about* space travel; it *was* space travel". Die ervaring van die onbekende kom baie naby aan ons lyf.

'n Uitstekende seleksie van wetenskapfiksiefilms word van 1 tot 5 Mei deur die Filmvereniging aangebied. Enigiemand kan by enige van die vertonings vir die reeks inskryf. 'n Wye spektrum van idees uit die wetenskapfiksiewêreld word gedek – die mens gebuk onder die mag van tegnokrasie en burokrasie (*Alphaville* en *Metropolis*); satire oor die mens en sy gevaarlike speelgoed (*Dr Strangelove*); 'n soektog na 'hoër' intelligensie elders (*2001*); en die reaksie van die mens op 'n buite-aardse man, of nog meer interessant, sy reaksie op *homo sapiens* (*The Man Who Fell to Earth* met, terloops, briljante spel deur David Bowie as die 'alien').

Wetenskapfiksie bied aan die moderne mens wat sy wêreld so goed ken, en deur amper niks verras word nie, die een groot moontlikheid van 'n nuwe bron van verwondering, iets wat hom sy asem laat ophou. En dit kan lekker wees, gaan kyk maar na *Dark Star!*



*Die simboliese slottoneel uit Andorra. Elmari van Niekerk en Niel le Roux tydens 'n repetisie afgeneem. Sien berig op bladsy 2.*

## Kultus '79 program

### PROGRAM – KULTUS '79

**Maandag 30 April:** *Openingsaand.* Bosorkes en Universiteitskoor: Endlersaal; 19h00 – 20h00; kaartjies 50c – te koop in koshuise, USAT, ASVS, DASUS-kantore LSS, Foyer.

**Dinsdag 1 Mei:** USAT en KREATUS.
*Vermaaklikheidsaand:* "Gat" LSS; 19h00 – 20h00; toegang gratis.

**Woensdag 2 Mei:** DASUS en ASVS.
*Filmvertoning:* Beeldende Kunste Gebou – Grootsaal; 13h15 – 13h45; toegang gratis.
*ASVS-konsert:* Kompetisie van Afrikaanse ligte musiek deur studente gekomponeer. Aankondiging van wenners van poësie-kompetisie; Endlersaal; 19h00 – 20h00; toegang gratis.

**Donderdag 3 Mei:** Konservatorium en ASK.
*Middaguurkonsert* deur Konservatoriumstudente: Endlersaal; 13h15 – 13h45; 50c-kaartjies by deure.
*Poësiebespreking* deur dr. J.C. Kannemeyer gelei: Wilcocksgebou; 19h00 – 20h00; toegang gratis.

**Vrydag 4 Mei:** *Andorra*
H.B. Thom-teater; 20h00; by Kultus '79 lokale.

Die US-Filmvereniging se filmvertonings en Science Fiction-reeks vorm deel van Kultus '79.

# STEYN VERKEN DIE GRENS

DIE Afrikaanse Studiekring was besonder bevoorreg om dr. Elize Botha van die Universiteit van Pretoria as spreekster by sy jongste vergadering te kry. Die tema was *Dagboek van 'n Verraaier* van J.C. Steyn.

Dr. Botha het 'n interessante, dog ongewone, benadering tot die tema gehad deurdat sy Steyn se werk hoofsaaklik binne die ontwikkelingsgang van die Afrikaanse prosa geplaas het. Sy het gewys op die belangrike periode vanaf Jan Rabie se *Een-en-twintig* tot by *Windroos*, en die daaropvolgende beweging tot realisme, met sy "vertelling as ondersoek" en "eksplisiete waarskynlikheidsomkleding". In aansluiting hierby het ons *Kontreikuns* en die sg. *New Journalism*, met eksponente soos *Die Swerfjare van Poppie Nongena* en ander soortgelyke "outentiek-dokumentêre" werke.



**DR. ELIZA BOTHA**

### GRENS

Juis hierdie aspek, nl. die botsing tussen werklikheid en fiksie het haar by Steyn se werk gebring, aangesien hy die *grens* tussen hierdie elemente verken. Hy ondersoek ook veral die grens tussen die ou en die nuwe wêreld van die Afrikaner. Volgens dr. Botha het hy 'n "sinnebeeld van ons tyd" op 'n baie openlike wyse geskep.

### MIN VERBEELDING

In dié verband het sy uit George Steiner aangehaal: "Fiction falls silent before the enormity of factual exposition." Die vraag is dus nou in watter mate Steyn se werk 'n groeipunt verteenwoordig binne die totale omvang van die Afrikaanse prosa.

Dr. Botha het 'n interessante teorie aan die gehoor oorgedra: "Afrikaans beweeg in die rigting van die Essay. Ons het te min verbeelding om romans te skryf."

BENODIG U
Fotografiese Toerusting
Pragtige Ateljee Foto's
Sakrekenaars
Kleurfilm Ontwikkeling
24 uur diens met gratis film
?
KOM KUIER VIR

EDRICH
Ryneveldstraat 34
Stellenbosch
Foon 5420

# Campus Control — a pain in the neck?

MICHÈLE ALEXANDER

ONE of the biggest problems facing Campus Control is vehicle control on central campus. This area has the greatest demand for parking. Central campus parking has to be divided between delivery vehicles, university and maintenance vehicles, building contractors, staff vehicles, visitors and last but by no means least, students. Campus control has to accommodate this demand for parking and at the same time consider the safety of thousands of pedestrian students who stream across campus every day.

### FREE OF TRAFFIC

Mr van den Elzen, head of the Campus Control, would ideally like to see a system of parking on the perifery of campus or a high-rise parking building on the edge of campus with organised transport to and from parking and central campus at regular intervals. Central campus would be free of all traffic and students would be able to wander leisurely along, deep in discussion or meditation without fear of being flattened by a passing car or deafened by a 1 000 cc motorbike. Walking to and from classes would become a pleasure instead of a hazard. Campus Control has made a step in this direction by cutting down on the criss-crossing of campus by motorbikes.

### MONEY

The implementation of a system of periferal parking or the construction of a high-rise building is however faced with a familiar problem — finance. In this time of financial stringency such a project would be low on the Universities' list of priorities. Campus Control funds for the maintenance of present parking areas and the financing of new parking area projects are supported by the rental fees (R10 per annum) paid by students for their parking bays and by fines. However this money is only a very small percentage of Campus Control funds. Until adequate funds can be raised, it will be impossible to implement any new system which might alleviate the problem of vehicle-control on central campus.

The demand for parking on central campus has to a certain extent been alleviated by the new parking area in the vicinity of the Conserve. Approximately 80 out of the 150 parking bays have been given to students. However it is impossible to create more parking area on central campus.

### SHARED BAYS

Another solution to the problem of parking on central campus for students not within walking distance of campus could be a system of shared parking bays. Students in the same area could form lift-clubs. Instead of bringing for example, four cars onto campus every day and paying for four separate bays, the cost of one bay could be shared by four students who would take turns to bring their cars. The cost of a parking bay, the cost of petrol and the volume of traffic on central campus would be cut down.

### HOSTEL PARKING

Parking area for the hostels Lydia, Minerva and H.T.B. still presents a problem for Campus Control. The area behind these residences belongs to the municipality; so it is not possible to build a parking area there. Without municipal persmission the municipality stipulates that parking areas for hostels must be close to the hostel concerned. The amount of parking is proportional to the number of people in the building.

This year students may have wondered why they have to present their vehicle-insurance licence when registering their cars at Campus Control. According to Mr. van den Elzen, the reason is that in the past, problems have arisen when registered cars have been fined because students have made errors on their registration forms. The presentation of an insurance licence will prevent such errors from being made in future.

Mr van den Elzen says that he has found that students are generally most co-operative and realistic about the problems of Campus Control. He is very much in favour of more direct contact between the students and Campus Control. If students have any grievances or need advice, Mr van den Elzen and his staff are very willing to discuss the problem and try to help out students.



*This is how it all happens: top left: Phase 1: Our Campus Control officer spots the potential victim. Top right: Phase 2: Identification. Phase 3: bottom right: The fine. Phase 4: bottom left: Report on a successful mission.*

## HOEKOM BETAAL NET STUDENTE?

'n Aspek van kampusbeheer waaroor die meeste studente 'n wenkbrou sal lig, is die betaling vir parkeerplekke.

Die doserende en administratiewe personeel betaal blykbaar *nie* vir parkeerplekke nie.

### R13 000

Van die 1 800 parkeerplekke op die sentrale kampus en by die Ingenieursgebou word net 500 deur studente gebruik. Teen R10 per parkeerplek beteken dit dat R13 000 aan moontlike parkeerplekgeld verlore gaan. Vrae wat nou ontstaan is: Betaal studente dan ook vir die ontwikkeling van dosente se parkeerplekke? Is dit reg of nie?

Op ander kampusse — UK, Potchefstroom, Wits, Bloemfontein en Tukkies betaal almal vir hul plekke. Ons vra maar net.





*Luxurious ways of getting there!*

Dialux Diamante

Groothandel en Uitvoer

Pleinstraat 21 - Stellenbosch - Tel.: 3131

Ons soek studente-agente vir die verkoop van Diamantringe op kommissiebasis

# FRUSTRASIES — PARKEERPLEKKE EN MOTORS

WAT frustreer die studente die meeste? Hoewel Kampusbeheer tans tweede is op die ongewildheidslys — die munisipale verkeersbeamptes loop los voor — is daar fasette van Kampusbeheer wat pla.

Die algemeenste frustrasie is parkeerplekke en motors. Soos blyk uit verskeie opnames wat gedoen is, is die parkeerplekke op die kampus geheel en al onvoldoende. In baie gevalle is dit ook duidelik dat parkeerplekke onregverdig en onrealisties toegeken is. Plekke wat vir universiteitsamptenare en besoekers uitgesit is, is feitlik altyd beskikbaar, met ander woorde in onbruik. Studente mag egter nie daar parkeer nie, maar daar is ook nie alternatiewe parkeerplek nie.

### "BESOEKERS"?

Wat studente en hul ouers kwel, is wat is "Besoekers" nou eintlik? Waarom gebeur dit dat ouers wat Vrydae hul kinders by die klas kom haal en op besoekersplekke parkeer, aangesê word om hul motors te verwyder. Kan ons nie 'n meer realistiese en mensliker benadering kry nie?

### STUDENTEPRET

Studente bly studente . . . en gesonde pret is deel van 'n student se lewe. Selfs ons oupas en oumas verstaan dit. Dit wil egter voorkom asof Kampusbeheer dit nie kan verstaan nie, want daar is 'n neiging om hierdie gesonde studentegees heeltemal te demp. Stellenbosse studentepret was nog altyd uniek, daarom moet Kampusbeheer eerder probeer om 'n positiewe bydrae tot die behoud daarvan te lewer.



*'n Toekomsblik — eendag sal alle vervoer so lyk. Waar Stellenbosch vandag is, is die land môre (sic).*

### MENSLIKHEID

'n Algemene frustrasie is die gebrek aan menslikheid by die meeste Kampusbeheerbeamptes. Menings daaromtrent wissel van "bombasties", "polisiemanagtig", tot "te amptelik voordoen".

### DANKBAAR

Die studente is maar ondankbaar vir wat Kampusbeheer vir hulle doen. Wie van die studente sal (selfs vir betaling) bereid wees om jaar in en jaar uit die kampus op te pas; selfs in pannekoekweer? Hul strenge houding word daarom verstaan, *maar* daar is 'n vermoede onder die studente dat Kampusbeheer op 'n kommissiebasis fungeer. Hoe anders verklaar 'n mens die feit dat hulle vieruur in die oggend parkeeroortreders soek om voor kaartjies uit te skryf?

### BEGRIP

In Kampusbeheer se guns kan gesê word dat min studente werklik deur hulle gefrustreer word. Alle regdenkende studente begryp hul moeilike taak. Die mening is eerder dat daar van Kampusbeheer 'n grap gemaak word.


# Nog Radio Matie-Omroepers . . .



*Van Heerden Heunis is 'n 3de jaar Admissiestudent. Hy is 'n knap redenaar en ook huiskomiteelid van Libertas. Hy dink graag aan verliefdes en verloofdes wanneer hy sy plate kies vir sy program.*



*André Myburgh is 'n 2de jaar Regstudent van Simonsberg en is die enigste omroeper wat op Engels uitsaai. André is ook verantwoordelik vir die Engelse nuus op Woensdae.*



*Hendrik Verwoerd, 'n 2de jaar B.A.-student, is lid van die Junior Breëbestuur en ook 'n kranige veldloop atleet. Hendrik geniet dit om musiek vir almal te speel – trouens dit is ook sy program se naam.*



*Dewald Visser is ook 'n student in die Regte en sy belangstellings wissel blykbaar van "pinball" tot politiek. Sy musieksmaak varieer tussen Boston en Montavani. Dylon, Janis Ian en Eric Claptin is egter bo.*



*Jannie Marais is die primarius van Libertas en ook kaptein van die Matie-atletiekspan. Hy is 'n 3de jaar Regtestudent en glo sy uiteenlopende belangstellings maak van hom 'n meer gebalanseerde mens.*

# DAGBREEK REÜNIE 'N WARE FEES

## *Staatspresident vereer*

DAGBREEK het die naweek van 6–8 April reünie gehou, en meer as 250 oud-Dagbrekers en 200 huidige inwoners van die koshuis het hierdie feestelike gebeurtenis bygewoon.

Die reünie is gehou om Dagbreek in sy nuwe gerestoureerde vorm in te wy en om die bekendste Dagbreker, Sy Edele mnr B.J. Vorster, tydens 'n dinee te vereer.

### PROF. DE VRIES

Die koshuis is by die geleentheid deur die Vise-Rektor van die Universiteit en oud-Dagbreker, professor M.J. de Vries, aan die inwonende hoof, dr Walter Claassen oorhandig. Hierna is daar 'n huisvergadering gehou onder die voorsitterskap van mnr Piet Lombard, hoof van die departement van Ontwikkeling van die Universiteit. Die vergadering het ook geleentheid gebied aan oud-Dagbrekers om van hul ervarings in Dagbreek te vertel.

### IN MY KONTREI

Die verrigtinge is Saterdagoggend vroeg begin met die aanbieding van die program **In my Konrei,** vanuit Dagbreek se vierkant. Gys van Schoor, huidige primarius het die program ingelei met 'n vooruitbeskouing oor die naweek se program. **Daarna was Sy Edele mnr B.J. Vorster aan die woord en hy het melding gemaak van die besonderse gees wat in Dagbreek heers. Hy het gesê dat hy 45 jaar gelede 'n eerstejaar in Dagbreek was en dat hy sy tyd hier as van die aangenaamste periodes in sy lewe beskou. Dawie Snyman en dr Bethel Muller het ook van hul dae in Dagbreek vertel.**

In 'n rugbywedstryd die middag op die Danie Craven-stadion het die span van Dagbreek die Oud-Dagbrekerspan met 20–4 geklop. Amos du Plooy, eertydse Springbok, het op 53-jarige ouderdom die oud-Dagbreekspan aangevoer.

Die hoogtepunt van die naweek was ongetwyfeld die dinee wat Saterdagaand gehou is. By dié geleentheid is Dagbreek se tweede erepenning oorhandig aan 'n Dagbreker wat hom besonderlik onderskei het. Die toekenning is gemaak aan die vorige rektor van die Universiteit, prof H.B. Thom.

### SPRINGBOK-EREROL

Daar is toe oorgegaan tot die ondertekening van Dagbreek se Springbokererol. Dit is onder andere onderteken deur Willem Delport, Amos du Plooy, Jan Pickard, Flappie Lochner, Boland Coetzee, Jackie en Dawie Snyman, almal oud-rugbySpringbokke en Tommy Brummer, Springbokwaterskiër. Verskeie Springbokke, soos Dawie de Villiers en Danie Malan, kon die geleentheid nie bywoon nie.

Die Staatspresident het hierna in sy toespraak hulde gebring aan die persoon wat hy beskou as die grootste Dagbreker van alle tye, wyle dr H.F. Verwoerd. 'n Oorkonde waarin Dagbreek hulde aan mnr Vorster bring, is deur Sy Edele Minister H.H. Smit, aan hom oorhandig.

### EREDIENS

Sondagoggend was daar 'n erediens in die studenekerk wat deur 'n oud-Dagbreker, ds. Jan Hanekom, gelei is.

Die naweek is afgesluit met 'n ete Sondagmiddag in die koshuis.



*Pres. John Vorster arriveer in Dagbreek, sy ou tuiste.*

# TRAPKARUITHOUWEDREN

## *Hoogtepunt van Ingenieursweek*

DIE reeds tradisionele Trapkaruithouwedren van môre (28 April) plaas. Dit is, soos in die verlede, die hoogtepunt van Ingenieursweek wat vanjaar vanaf 24 tot 28 April plaasvind.

Ingenieursweek het reeds Dinsdagaand met 'n kaas-en-wyn-geselligheid in die LSS afgeskop, waartydens vanjaar se Mej. Ingenieur bekendgestel is. Sy is die 21-jarige Anita du Plessis van Heilbron, en is uit die 12 finaliste van die Mej. Ingenieurkompetisie gekies. Donderdagaand was dit tyd vir die Ingenieurs se eksklusiewe gorrelklub om te vergader.

Vanaand vind die prestige Ingenieursdans in die LSS plaas, en by die geleentheid word Mej. Ingenieur deur die ere-president van die VSIS (Vereniging van Stellenbosse Ingenieurstudente), mnr F.A. Heymann, gekroon.

### INSKRYWINGS

Meer as dertig inskrywings word vir die wedren verwag, maar daar word minder karre as in die verlede vanaf ander sentra verwag. Daar is twee redes hiervoor, nl. die huidige brandstofbesparingsveldtog, en die feit dat Tukkies se trapkarwedren ook môre plaasvind. Laasgenoemde toestand is geskep deur 'n misverstand by die nasionale Trapkarorganiseerder wat die datums vir wedrenne moet goedkeur.

Reeds van vroeg môre-oggend af sal die trapkarspanne op die baan bedrywig wees. Gedurende die loop van die oggend word al die karre ge-inspekteer om na te gaan of hulle aan die voorgeskrewe spesifikasies voldoen, en dan moet hulle 'n kwalifiserende tyd om die baan opstel om hul wegspringposisies te bepaal.

Die wedren word voorafgegaan deur die primaria-fietswedren om 13h00, en om 13h30 volg die optog om die baan deur die drompoppies, Mej. Ingenieur en al die deelnemers. Om 14h00 sal Mej. Ingenieur die wedren afsit met die Republiekvlag. Die wedren duur ses moordende ure, en die trapkar wat in hierdie tyd die meeste rondtes aflê, is die wenner. Die totale prysgeld vir die wedren beloop ongeveer R600.

Na afloop van die wedren is daar 'n ete vir al die deelnemers, waartydens Mej. Ingenieur die pryse sal oorhandig. Om 19h30 word daar ook 'n sokkiejol in "Die Gat" aangebied vir al die toeskouers.





*'n Toonbeeld van Stellenbosch se algemene apatie. Rondom die groepie op die foto, onder wie mnr. Gerhard Barnard, voorsitter van die ASVS (middel, links) en mnr. Theuns Eloff, president van die ASB (middel, regs), skitter die Maties in hul afwesigheid.*

# Affiliasie : Finale Nekslag toegedien

OP 25 April, elf jaar nadat Stellenbosch die ASB verlaat het, het die Stellenbosse studente op oortuigende wyse getoon dat die ASB nog net so onaanvaarbaar as elf jaar gelede is. Heraffiliasie is individueel met 2 505 teen 993 stemme finaal die nek ingeslaan. Ook die wyse van affiliasie is met 1 997 teen 1 535 stemme verwerp.

Op 28 Maart 1979 met die aanvaarding van 'n mosie in die SR, ingedien deur Jan de Wet en gesekondeer deur Deon de Kock, waarin voorgestel is dat Stellenbosch op 25 April na die stembus gaan om te beslis oor ASB-affiliasie en, indien wel, of die manier van affiliasie pro-rata moet wees, het dit gelyk na die begin van die einde van 'n tydperk van twyfel en onsekerheid oor waar Stellenbosch binne die studentepolitiek staan.

### PANEELBESPREKING

Op Maandag 23 April het die verkiesing al momentum begin wen deur 'n paneelbespreking onder beskerming van SAAK. Terwyl Jan de Wet en Theuns Eloff 'n sterk saak vir affiliasie uitgemaak het, het Ilse Treurnicht en Hilgard Bell die teenoorgestelde standpunt ingeneem.

Hilgard Bell het daarop gewys dat daar nie by Stellenbosch 'n werklike behoefte aan affiliasie bestaan nie. Hy het die SR beskuldig dat hulle die studente aan die neus lei. Die SR voer aan dat hulle die ASB as forum wil gebruik, maar dit kan nie, want volgens die SR affilieer hulle nie as Studenteraad nie.

In teenstelling hiermee het Jan de Wet daarop gewys dat Stellenbosch 'n belangrike rol in die studentepolitiek te vervul het en dat hy hierdie rol op mees kreatiewe wyse alleen binne die ASB kan vervul.

Theuns Eloff het Stellenbosch se ooreenkomste met die ASB beklemtoon en daarop gewys dat kennis van die ASB geneem word. Dit sal dus vir Stellenbosch as platform kan dien. As verdere redes vir affiliasie het hy aangevoer dat die ASB dinamies groei, dat die ASB 'n skakel met ander kampusse bied, en dat daar nog byvoorbeelde vir lede soos 'n NEDBANK-kaart is.

### NIE MEER VERLIG NIE

Ilse Treurnicht wat haar sterk teen affiliasie uitgespreek het, het beklemtoon dat die hoofbestuur van die ASB nie die algemene lid se politieke siening verteenwoordig nie. Die enigste SR binne die ASB wat bereid is om te verklaar dat hy sy studente polities verteenwoordig is dié van RAU; en dié verklaar kategories dat die ASB nie besig is om meer verlig te word nie.

**Maar meer belangrik nog is dat volgens mej. Treurnicht die konserwatiewes binne die ASB 'n aanslag op die meer verligte element beplan. Indien dit deurgevoer word – in die post-Eloff fase – waar staan Stellenbosch dan?**

Intussen is stemdag – 25 April – en 'n inligtingsvergadering op Dinsdag 24 April wyd geadverteer. Veral die adverteer van eersgenoemde het reaksie oor 'n wye front uitgelok.

### PETISIE TEEN PLAKKAAT

Onder leiding van FOKUS is dan ook 'n petisie opgestel wat die skynbare eensydigheid van hierdie plakkaat sterk veroordeel het en vra vir die verwydering daarvan, wat dan ook gedoen is.

Op Dinsdag 24 April volg die Inligtingsvergadering met Jan de Wet en Renier Koegelenberg as sprekers. Volgens Hilgard Bell 'n goedkoop propagandaveldtog ten gunste van die ASB. Tesame hiermee word 'n "stem nee"-vlugskrif deur Etienne van Heerden, voormalige hoofredakteur van *Die Matie* uitgegee, asook 'n *Asbom* deur die ASVS.

Woensdag 25 April kom as 'n groot verrassing, want die swak bywoning van inligtingsvergaderings ten spyt, ag 42% van alle stemgeregtigde Maties hulself op hoogte van sake genoeg om affiliasie oortuigend te verwerp. **'n Duidelik pro-affiliasie-SR het gefaal en uit voeling met sy studente-unie geblyk te wees.**

Die elf-jaar-lange "vastydperk" van Stellenbosch het dus nog nie tot 'n einde gekom nie. Stellenbosch gaan vasbyt en sy ongebonde vryheid behou. **Ons kan alleen maar hoop dat dit nie net 'n voortsetting van die politieke eierdanse van die afgelope dekade gaan wees nie, maar dat iets werklik konstruktiefs na vore sal kom – iets soos die veeltalige studente-organisasie waarvan Etienne van Heerden in sy "stem nee"-vlugskrif melding maak.**

Of was dit ook maar net nóg 'n verbeeldingsvlug waarvoor die ywer om ooit praktyk te word, nie bestaan nie.

PIETER VAN NIEKERK

## Uitslae

HIER volg die volledige lys van die uitslae van die referendum. Die syfer in die eerste kolom verteenwoordig die persentasie stemme uitgebring teen die wyse van affiliasie; die tweede kolom verteenwoordig die stemme teen individuele affiliasie en die derde syfer is die gemiddelde stempersentasie.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Crozierhuis | 7,6 | 7,6 | 15,3 |
| Dagbreek | 23,0 | 37,6 | 74,3 |
| Eendrag | 31,4 | 41,7 | 83,4 |
| Helderberg | 83,1 | 83,9 | 93,5 |
| Helshoogte | 57,2 | 68,2 | 86,5 |
| Hippokrates | 44,6 | 50,4 | 59,2 |
| Hombré | 29,1 | 41,6 | 77,0 |
| Huis Marais | 29,8 | 47,7 | 100 |
| Huis Visser | 47,6 | 63,0 | 89,2 |
| Majuba | 16,9 | 33,9 | 93,9 |
| Simonsberg | 68,9 | 81,0 | 98,7 |
| Wilgenhof | 75,9 | 81,2 | 98,4 |
| Erica | 28,6 | 22,9 | 66,3 |
| Harmonie | 27,8 | 53,1 | 94,9 |
| Heemstede | 44,6 | 66,6 | 98,6 |
| Huis Div. | 50,5 | 62,1 | 87,3 |
| Huis F. van Zyl | 18,6 | 23,3 | 29,9 |
| Huis Neethling | 13,6 | 41,0 | 71,2 |
| Huis Ten Bosch | 39,8 | 55,2 | 84,5 |
| Irene | 13,5 | 27,8 | 44,9 |
| Lydia | 44,5 | 61,8 | 78,1 |
| Minerva | 23,1 | 36,2 | 63,0 |
| Monica | 22,1 | 53,8 | 99,0 |
| Nemesia | 52,0 | 56,9 | 71,5 |
| Nerina | 56,1 | 69,1 | 86,9 |
| Serruria | 42,0 | 56,3 | 74,7 |
| Sonop | 26,9 | 44,9 | 74,1 |

### *BLOEDINTERVARSITY:*

# *MATIES BLOEI MEER AS U.K.*

DIE Maties het die Bloedintervarsity teen die Ikeys gewen. Negehonderd-sewe-en-sewentig Matieskenkers het altesame 905 pinte bloed geskenk teenoor die 520 Ikeys wat 433 pinte opgelewer het.

Die WP-Bloedoortapdiens het besluit om dit geriefliker en makliker vir studente te maak. Daar sal in die vervolg 'n tweeweeklikse kliniek in die LSS *Gat* wees. Die eerste kliniek in die LSS was op 23 April. Die kliniek in Stellenbosch is nou in die kerksaal en bedoel vir die algemene publiek. Studente wat die skenkings in die LSS misloop, kan ook bloed daar gaan skenk.

# NEE VIR ASB – WAT NOU?

FRANCOIS VAN DER MERWE

MET die pasafgelope referendum is die mening van die studente-unie oor die belangrike vraag van affiliasie by die ASB deeglik getoets. Die antwoord van die studente-unie is oënskynlik 'n ewe deeglike *nee.* Stellenbosch se posisie ten opsigte van die ASB is ten minste vir die hede, duidelik en onteenseglik gestel.

Teenstanders van die affiliasie-aksie het allerlei besware teen die referendum ingebring. Nie alleen sou dit ontydig wees nie, maar ook oorhaastig en sonder die nodige voorbereiding. Indien Stellenbosch egter 'n beduidende rol binne die ASB wou speel, sou affiliasie met die oog op die komende ASB-kongres op Stellenbosch gedurende Julie, so gou moontlik afgehandel moes word. 'n Skielike referendum kon egter beswaarlik die geldigheid daarvan in gedrang gebring het.

### MISLEI

Daar is aangevoer dat die SR die studente-unie sou mislei het met die ware inhoud van die hele referendumvraagstuk. Hiervolgens sou affiliasie in werklikheid al reeds plaasgevind het sodat die referendum slegs moes aandui presies hoeveel SR-lede *pro rata* namens die studente-unie moes affilieer. Alhoewel daar ten tye van die referendum nog geen uitsluitsel was oor presies wanneer die *pro rata*-beginsel in werking sou tree nie, is die bewerings van misleiding ten sterkste ontken. In die SR-mosie van 28 Maart waarin die beginsel van 'n referendum aanvaar is, is voorsiening gemaak vir die moontlikheid van 'n minderheidstem ten gunste van affiliasie. In so 'n geval sou die SR sy beplande affiliasie op 'n *pro rata* grondslag, kon hersien.

Met die referendum is die studente-unie nie net om 'n mening aangaande affiliasie as sodanig gevra nie, maar is ook die voorgestelde wyse van affiliasie vir goedkeuring tot stemming gebring. Die uitslag is reeds ou nuus. 'n Groot meerderheid van 68,5% van die wat gestem het, verwerp persoonlik affiliasie by die ASB. 'n Skamele 993 studente stem vir affiliasie. Belangriker egter is die feit dat 54,6% van die wat gestem het, die wyse van affiliasie soos voorgestel deur die SR, verwerp het. Volgens enige beginsel van demokrasie word die SR hierdeur effektief weerhou van affiliasie by die ASB op die terme soos vervat in die mosie van 28 Maart en sedertdien soms met groot teenstrydigheid verduidelik.

### BO VERDENKING

Deur sy wyse van affiliasie tot stemming te bring, het die SR nie alleen edelmoediglik sy motiewe bo verdenking geplaas nie, maar oënskynlik ook affiliasie op 'n *pro rata* basis verongeluk. Selfs met 'n mandaat van 11,39% van die studente om namens hulle te affilieer, het 'n meerderheid van studente hierdie wyse van affiliasie verwerp en gevolglik die SR-mosie in hierdie verband genegeer.

**Stellenbosch kan nie na die referendum van 25 April affiliasie by die ASB verkry deur middel van sy SR nie. Die *status quo* word dus gehandhaaf en tot tyd en wyl die ASB verdere veranderinge in sy grondwet aanbring ten opsigte van affiliasie en individuele lidmaatskap toelaat, sal Stellenbosch se studente buiten deur die ASVS, geen toegang tot die ASB hê nie.**

Nadat die studente-unie van Stellenbosch reeds verlede jaar 'n duidelike opdrag aan sy SR gegee het om doelgerigte en daadwerklike politieke leiding te gee, is hierdie opdrag nou verder omlyn. Die studente van Stellenbosch voel hulself nog steeds ontuis binne die ASB en tot tyd en wyl hierdie organisasie afsien van sy eksklusiewe Afrikanerbasis en beweeg in die rigting van groter inklusiwiteit van taal en selfs kleur, behoort dit nie aanvaarbaar te wees vir die meerderheid van die studente van Stellenbosch nie. Politieke uitsprake vanaf 'n basis van eksklusiwiteit is in stryd met die aspirasies en visie van die denkende jong Suid-Afrikaner en 'n luuksheid wat die Afrikaner homself kwalik kan aanmaan.

### AANVAARBARE ORGANISASIE

**Alhoewel pogings om 'n aanvaarbare intertaal en -kleur studente-organisasie te stig tot nou toe misluk het, het die verantwoordelikheid hiertoe nie ophou bestaan nie. Stellenbosch is miskien juis in 'n unieke posisie om nou dat die gekerm oor die ASB hopelik vir eers gestuit is, 'n toonaangewende rol te speel in hierdie verband. Intussen moet ons by monde van ons leiers die verantwoordelike en deurdagte uitsprake maak wat Stellenbosch aan die voorpunt van die soeke na aanvaarbare alternatiewe vir Suid-Afrika sal plaas.**



McCann-Erickson 9700A/1

# INTERVARSITY OP 19 MEI

SATERDAG 19 Mei is 'n datum wat sekerlik met groot afwagting deur Maties dopgehou word. INTERVARSITY! Vir die eerste keer speel hierdie geleentheid hom af op die nuwe Danie Craven-stadion, en as almal die heerlike geesdrif van die voorsitter van die Intervarsitykomitee, Piet Delport, gaan deel, beloof vanjaar se Intervarsity baie vir almal wat gaan deelneem.

Volgens mnr Delport word daar vanjaar weer gehou by gebruike wat al tradisie geword het. Hieronder tel die sjampanjenooientjies, die trompoppies, die sing van Gaudiamus Igitur en die onderskeie universiteitsliedere tydens die Intervarsity self.

Nuwighede vanjaar is agt wedstryde tussen koshuise van Stellenbosch en Kaapstad, 'n nuwe snit vir die T-hemde en pette i.p.v. "cheese-cutters".

Wat die sosiale sy van Intervarsity betref, is daar goeie nuus vir die dansers. Die Intervarsitykomitee het besluit om meer ontspanningsgeleenthede te reël. Daar sal Saterdagaand na die wedstryd 'n formele dans in die stadsaal wees, 'n dans in die Gat en moontlik nog een in 'n ander lokaal in die LSS.

SING-SONGS

Die Intervarsitykomitee wil dit sterk onder die aandag van die studente bring dat plekke op die sing-song pawiljoene alleen toegeken sal word aan persone wat gereeld die sing-songs bygewoon het. Hou dus ná Dinsdag 8 Mei tyd oop vir die sing-songs, wat waarskynlik in die Gat gehou sal word.

Die Groot Brag vind op Donderdag 17 Mei plaas. By dié geleentheid sal die trompoppies optree en word die sjampanjenooientjie aangewys.

Daar gaan sterk kontrole oor drankmisbruik en die ongeoorloofde besetting van ander mense se sitplekke uitgeoefen word.

"Die Intervarsitykomitee gaan uit sy pad om dit so aangenaam en aantreklik en opwindend as moontlik te maak. Die sukses hang nou af van die studente se deelname. Maak dit dus 'n grootse geleentheid, getrou aan Matietradisie en een waarop oud-Maties trots sal kan wees", het mnr Delport gesê.




*Studente aan die stem! Te midde van die honderde plakkate, toesprake en inligtingsvergaderings wat gedurende die afgelope tyd op die kampus gereël is, het slegs 41,98% van die studente hul stem uitgebring.*

## PLANNE VIR MATIETOER BEKEND

# Maties 'n week lank by Ski-oord

"'n EUROPESE vakansie wat in almal se smaak sal val". Só beskryf Hans van Dyk, Matietoerorganiseerder vir 1979, die Matietoer wat in Desember vanjaar na Europa gaan.

Hans is verlede kwartaal aangestel om vanjaar se toer te organiseer. Die reëlings vir die toer is in die kort vakansie afgehandel en inskrywings word reeds aanvaar.

Die toergroep, wat 'n weeklange verblyf by 'n ski-oord insluit, vertrek op 29 November en keer op 3 Januarie 1980 terug ná besoeke aan Engeland, Nederland, Duitsland, Oostenryk, Italië, Switserland en Frankryk.

Die toergroep sal in elke stad of dorp 'n besoek aan die vernaamste besienswaardighede bring. Daarna sal lede die kans hê om òf op hul eie te gaan verken, òf om op opsionele verdere uitstappies te gaan.

KOSTE

Die toergroep word deurgaans vergesel deur 'n professionele toergids wat ingestel is op die behoeftes en belangstellings van studente. Die toerprys is R1 525 wat alle reiskostes vanaf Jan Smuts-lughawe en verblyf met ontbyt insluit.

TOERBESONDERHEDE

Belangstellendes kan verdere besonderhede kry en inskryf by die SR-kantoor, of by Hans van Dyk, Quarta 9 op die hoek van Victoria- en Bosmanstraat (tel. 70572), of by Matie Geldenhuys, Jet International, Trust Banksentrum, Andringastraat (tel. 71136).



*Die Maties se Vise-Rektor, prof. Mike de Vries (tweede van regs) het hier pas die wenkaartjie in die Karnavalkompetisie getrek. Aan die Vise-Rektor se regterkant is mnr. Albert Foot wat al die reëlings behartig het vir die Karnavalmotorkompetisie. Regs staan die voorsitter van die Karnavalkomitee, mnr. Freddie Human, en links is mnr. Tex Roux, wat gehelp het met die reëlings van die motorkompetisie.*

## Neem Kennis

AANSOEKE word ingewag vir die poste van *Kunsredakteur* en *Subredakteur, Kuns* asook *Kunsverslaggewer* in die redaksie van *Die Matie.*

Rig aansoeke aan:
Die Redakteur
Die Matie
Langenhovensentrum.

Die sluitingsdatum is Vrydag 4 Mei om 12h00.

## KLEURE-EKSAMEN

# Huis Visser die slimste

HUIS Visser het vanjaar die beste gevaar in die Kleure-eksamen met 'n gemiddelde persentasie van 94,78%. Helshoogte en Hombré was onderskeidelik tweede en derde. Die manskoshuise het die dameskoshuise vanjaar heeltemal uitgestof en die dameskoshuis wat die beste gevaar het, Sonop, was twaalfde.

Eerstejaars wat die eksamen geslaag het, mag eers na die eerste semester universiteitskleure aankoop. Uitsonderings sal egter gemaak word vir toerspanne.

UITSLAE

Die volledige uitslae van die Kleure-eksamen is soos volg:

| Koshuis | Gemiddelde persentasie |
|---|---|
| Huis Visser | 94,78% |
| Helshoogte | 89,15% |
| Hombrè | 86,0% |
| Wilgenhof | 83,4% |
| Huis Marais | 80,5% |
| Simonsberg | 77,89% |
| Dagbreek | 77,2% |
| Majuba | 76,3% |
| Helderberg | 76,1% |
| Pieke | 76,0% |
| Eendrag | 73,8% |
| Sonop | 71,7% |
| Lydia | 71,3% |
| Heemstede | 69,0% |
| Aristea | 66,8% |
| Minerva | 64,7% |
| Erica | 63,8% |
| Nerina | 63,3% |
| Monica | 61,0% |
| Nemesia | 61,3% |
| Oude Molen | 61,2% |
| Huis de Villiers | 60,8% |
| Harmonie | 60,8% |
| Aurora | 60,8% |
| Libertas | 60,18% |
| Huis ten Bosch | 60,0% |
| Serruria | 54,6% |
| Irene | 51,3% |
| Huis Neethling | 46,7% |

INSAE IN VRAESTELLE

Omdat daar in die verlede 'n mate van agterdog bestaan het oor die kwessie of die vraestelle ooit behoorlik nagesien word, het die Kleurekomitee vanjaar besluit om die vraestelle vir belangstellende eerstejaars by die SR-kantoor beskikbaar te stel op 30 April en 1 Mei.

# KAPENAAR WEN DATSUN

DIE wenners in die Maties se landwye Karnavalmotorkompetisie is bekend gemaak. Altesaam ses spogpryse en 44 troospryse is toegeken aan die wenkaartjies wat getrek is deur die vise-rektor, prof. Mike de Vries.

Die motorkompetisie is geborg deur Schus Datsun.

EERSTE PRYS

Die eerste prys, 'n Datsun 1600 J (handrat), is gewen deur Mannie Jaffie van Alexanderweg 17, Oranjezicht, Kaapstad.

ANDER PRYSE

'n Inwoner van Lenasie in Transvaal, mnr A.G. Mohamed, het die tweede prys, 'n Datsun 120 Y bakkie ingepalm.

'n Lid van die Weermag, J.M.P. Wessels van 21 Bataljon by die Militêre Basis, in Lenz, is die derde pryswenner. Hy en nog 'n persoon het die keuse om 'n langnaweek in enige hotel in Suid-Afrika te gaan deurbring.


Die wenner van die vierde prys is F.L.J. van Rensburg van Wesselsbron, wat 'n draagbare TV-stel met 'n lisensie vir 1979, ryker is.

Die Vyfde prys, 'n luukse hoëtroustel, is gewen deur M. van Zyl van Pretoria, en die sesde prys, 'n motorradio, gaan aan mnr J.A. van Tonder van Carnarvon.

Kaartjies in die Maties se jaarlikse Karnavalkompetisie is sedert November verlede jaar landswyd verkoop. Die Karnavalopbrengs vir 1979 het 'n rekordbedrag van R141 000 beloop.

Die wenners van die 44 troospryse sal mettertyd in kennis gestel word van hul pryse. Onder dié pryse is lessenaars, reistasse en sigaretaanstekers.

PIZZALAND



Beste Pizzas
Beste Diens
en by Voortrekkerweg 143, Parow
sal studente 'n 10% afslag
ontvang as hul 'n
studentekaart toon.
OOP 7 DAE PER WEEK
VANAF 9 VM TOT MIDDERNAG
Tel. 92-8318

# perspektiewe en dinge

HET u al opgemerk hoe stuurs en stug ons geword het in ons daaglikse lewe? Het u al die samelewing van buite af (indien dit enigsens moontlik is) betrag en gesien dat dit eintlik ontplof van dooierigheid? Weet u waarom dit is? Laat Siener Pienaar weer sy mening lig.

Met die ontwikkeling van die moderne wêreld en die natuurlike bestaansintriges van die mens, word alles wat spontaan is deur reëls en regulasies doodgedruk. Ek is nie vandag van plan om 'n lang relaas af te steek oor die reëls en regulasies van saambestaan nie, dit sal weer eens die gees van ons papiergeselsie demp.

### SKOOLDAE

Van skooldae af al leer ons om netjies in 'n ry te staan, tasse in die linkerhand; om nie te gesels nie (anders word jou naam opgeskryf); en om op te staan as die meneer instap. Dit word gegooi oor die boeg van dissipline – dissipline wat die mens se sosiale omgang met ander heeltemal onverwerp, of sal ek sê, amper vernietig.

**Geen wonder nie, dat spontane optrede, soos 'n strooptog op dameskoshuise, gewoonlik in 'n katastrofe eindig. Ons is nie gewoond om sulke dinge te doen nie; as ons 'n slag die geleentheid gegun word, maak ons misbruik daarvan. Die gevolg hiervan is dat ons eenvoudig verder verstrengel raak in die netwerk van reëls en regulasies (ek wil darem nie die Poppie Nongenawoord *strukturele geweld* in dié verband gebruik nie).**

Dames word beskerm deur *aandklokreëls* en word (soos 'n brief in die vorige uitgawe van *Die Matie* dit stel) produkte van stremmende maatreëls. **Saans na elf, is joltyd oor en die meisies word soos speelgoed veilig op die koshuisrakke teruggeplaas.** Ons aanvaar maar hierdie dingetjies ter wille van dissipline en ordelikheid in die samelewing, maar besef min dat dit alles daartoe bydrae om die samelewingsgees te demp.

As studente 'n slag iets wil reël wat die lewenspatroon van andere perdalks ietwat omver gaan werp, word hul gestuit in hul optrede. Onortodoksheid word eenvoudig nie geduld nie – spoortrap bly steeds die wagwoord. Ek dink byvoorbeeld aan die keer toe Libertas van Pretoria na Kaapstad gehardloop het – by Stellenbosch aangekom, moes die sewentien drawwers, soos helde, hul tuisdorp met Kombi's

**kobus pienaar**

binne ry. Die verkeersdepartement het besluit dat die verkeer rondom piektyd te druk sou wees om die straat vir enige ander doel te gebruik. Dink net aan die lekker reklame wat mens vir Karnaval sou maak indien 'n verkeerskonfytjie of twee ontstaan het. Reëls en regulasies het dit egter verbied.

### GEEN STOPSTRAAT

Mens wil nie altyd 'n vergelyking tref met dit wat in Europa aan die gang is nie. In die groot stad van Parys is daar nie 'n enkele stopstraat nie – mense leer eenvoudig om versigtig te bestuur. Te midde van die feit dat daar seker drie keer so veel motors in omloop is, is ernstige ongelukke 'n rariteit. Stellenbosch met sy honderde rooi stoptekens, geelstrepe en parkeerbordjies het baie meer probleme as die hoofstad van Frankryk – om nie eers te praat van die slakke pas waarop mens dikwels in 'n sogenaamde verkeersknoop hier op die dorp voortbeweeg nie.

**Mens word dikwels van Pompies na Piet gestuur, net om binne die kanale van die samelewing te bly. Op die ou end bly jy net waar jy is. Dit lei tot frustrasie wat veroorsaak dat jy oorreageer en jouself dan, as gevolg van jou optrede, nogmaals in 'n verdere stel van reëls en regulasies bevind.**

Watter hemel op aarde het Adam en Eva nie gehad nie – daar was net een reël wat hul moontlik kon oortree.

### SLAWE VAN UITVINDSELS

Nou die dag stap die rubriekskrywer toe mos oor een van daardie nuwe grasperke wat die universiteit se tuiniers verlede jaar hier op die kampus kom ooprol het. Die feit dat daar van tyd tot tyd grassnyers oor hulle loop, is darem 'n aanduiding dat dit dalk eg kan wees. **Terwyl hy ewe niksvermoedend en voldaan met die wêreld om hom probeer om so veel as moontlik van die vars oggendlug in te adem, word hy skielik oorval deur 'n bende sprinkelbesproeiers (nogal netjies gekamoefleer tussen die gras – kompleet soos terroriste).** Druipnat, boeke en al, haal hy die naaste blombeddinkie. Vir die res van die dag moes hy met modderskoene rondloop.

Dit is tog snaaks hoe die mens in sy ingenieursvernuf en tegnologiese kennis homself in 'n situasie kan bevind waar hy moet buig voor sy èie uitvindsels.

### DIE EWIGE TELEFOON

Kom ons kyk bietjie na vandag se kommunikasiemedia: die televisie mors ons tyd, die radio blêr heeldag in ons ore en die telefoon frustreer ons. Die telefoon is natuurlik 'n wonderlike uitvindsel, wat die lewe vir mens oneindig makliker kan maak. Op Stellenbosch kan dit egter groot hoofbrekens veroorsaak. Dink maar aan die armsalige eerstejaars wat hul aande by die gehoorbuis moet omsit om te sorg dat die res van die koshuis kontak behou met die buitewêreld. Dink maar aan die elle lange telefoontoue rondom negeuur. Geduld is al wat hier tel.

**Gewoonlik werk die helfte van hierdie wonderlike uitvindsels nooit nie. So nie, sluk dit mens se vyfsente. Ek wil nie eers praat van die besettoon wat so 'n wrang klank in jou oor veroorsaak nie. Die mens swig weer eens voor sy eie tegnologie.**

Die rubriekskrywer is dikwels in Kaapstad om aan *Die Matie* te werk. 'n Tyd gelede besluit die hysbak by die drukkers toe mos om te gaan staan – glo weens oorlaaiing. Gelukkig was hy nie self daarin nie. Toe hy 'n uur later daar weg is, moes hy, terwyl hy die vier stelle trappe na benede *afswoeg*, steeds luister na die kermende klomp binne die vier mure, vloer en plafon van die hyser. Die stuk of vyftien in die skag is 'n klassieke voorbeeld van die mens as gevangene van sy eie skeppings.

Ek vind dit net ironies dat ons soms, in 'n poging om die lewe vir onsself te vergemaklik, net mooi die teenoorgestelde resultaat verkry.

### AFSPRAAK BY OOGARTS

Die rubriekskrywer sien toe mos die ander dag 'n geel *poster* raak. So op 'n afstand lees hy toe: *STEM ASB.* Omdat hy altyd probeer om objektief te wees, staan hy toe nader (so 'n meter van die plakkaat af) en lees toe weer. Tot sy verbasing moes hy toe die fyndruk tussen die belaaide woorde raaksien. Vir diegene wat dit nie opgemerk het nie: na die woord *stem*, staan daar *oor* en na *ASB* volg *vir*.

**Sommige van ons sal regtig ons oë moet laat toets om tussen die lyne te kan lees.**

# Muggies in die Neus

DIT is Woensdagaand 19h30. Die vergadering word geborg deur PDP-Grondboontjie Bpk. Groot wit eetborde vol grondboontjies word voortdurend heen en weer gestoot. Die voorklikker slaan die situasie met afguns gade want hy praat byna heel aand alleen en kry nie kans vir kou nie.

Die sewe gelukkige wenners van Tos Tosch se kompetisie sit verveeld in die hoek. Twee verbleikte stukke lapwerk van 1975 se Afrikaanse Taalfees versier die vertrek. Die dennehouttafels vorm 'n perfekte vierkant op die kunshaartapyt. Dertien SR-lede en 'n verslaggewer van Die Apatie is onordelik daarom gerangskik.

Piet Potlood is vanaand 'n dromer en gevolglik droom hy:

"Meneer die voorklikker, ek verskil," waag een van die SR-lede dit. Skok. Niemand kou meer nie. Die lid verkleur. (Die sekretaris skryf die geskiedkundige feit neer: 'n Lid het verskil.)

Nou is die gort gaar. Hier en daar kry iemand 'n laaste boontjie. Die tonge word getrek en flits vlymskerp in die neonlig. Die voorsitter openbaar 'n behendigheid wat Zorro sou beïndruk.

Ook die gelukkige pryswenners het toegetree. Colin Liber, met sy ingevoerde tong in die linkerhand, pyl met instinktiewe haat af op N.P. Burger, voormalige voorsitter van die tradisionele regering se studentetak op hierdie denkende kampus. N.P. Burger gelaai met statistieke en onoorspronklike politieke sinsnedes beweeg 'n bietjie moeilik. Colin Liber het sy huiswerk goed gedoen en het met verrassende voetwerk 'n paar goeie steke ingekry. N.P. Burger gryp 'n paar stukkies van 'n dagblad en prop dit in sy eie wonde.

Richelieu Craven en Hennie Thom is saamgesnoer in 'n onverwagte vennootskap. Hulle veg rug aan rug, hul enigste gemeenskaplike punt. Hennie se teenstander is sonder toeval die lid vir publikasies en laasgenoemde se tong is goed geslyp by die ossewa se meulsteen. Maar juis hier lê die probleem.

In sy ywerigheid as leerling het hy die meulsteen saamgeneem en dié hang nou nog om sy nek. Dit beperk sy bewegings, maar verskaf definiteief gewig. Hennie kry 'n kans vir 'n swaaihou en sny die tou morsaf sodat die meulsteen op sy toon val. Hennie krimp ineen van pyn en net toe steek die lid vir publikasies reguit en tref Richelieu Craven in die rug.

Dit maak Richelieu kwaad. Om meer presies te wees – hy is briesend. Hy en die lid vermoeid deur sport was besig met vinnige, dom wisseling van onbenulllighede. Richelieu gryp die lid se tong en knoop dit behendig aan dié van die lid vir publikasies. Dan stoot hy hulle 'n entjie weg van mekaar en doen 'n vinnige paar optrekke om die biseps te vergroot. Die twee genoemde lede is na dié kragdadigheid effens sonder veglus, maar skop tog nog uit selfrespek teen die prikkels waar hulle verslae oor 1948 se SR-foto gedrapeer is.

Jan Unus het met verbasende voorgevoel sy boublokkies saamgebring. Hy en die sekretaris het gou-gou die tonge gebêre en speel nou met groot konsentrasie met Jan se boublokkies. Jan Unus gaan sommer nog 'n groot leier word. Toe die ander mense heelwat later poot-uit rondlê, het Jan en die sekretaris die pragtigste lugkasteel gebou.

Teen elfuur klim almal moeg die trappe af die donkerte in.

**Pieter Marais**

# Ou Wyn in Nuwe Vate . . .



Foto: Albert Geldenhuys

IS jy besig? Jou program ook vol? Verpligte klasse, akademie, Libertas, Coetzenburg, hartsake, noodsaaklike geselsies (oor 'n beker koffie), toetse, ASB, CSV – noem maar op. Ja ons dra swaar aan al ons verpligtinge en baie verantwoordelikhede. Besige mense.

Soms oorskat ons ons eie krag. Ons vertrou op eie vlees, ons vergeet van God (onbewustelik?) asof ons sonder sy genade die pad kan loop. Hierdie waan kan net gebreek word as Hy ons proefondervindelik laat ervaar hoe *broos* ons werklik is. Selfs Dawid het in sy sorgeloosheid gesê: "Ek sal nie wankel nie" (Ps. 30:7). Leef jy werklik elke oomblik *van* en *uit* God? Onthou die Here het die lot van Job verander nadat hy sy skuld bely en vir sy vriende gebid het. Hou op dra aan jou *eie* kruis.

**CALLIE VISAGIE**

# The other side of the mountain (16)

*Coddle coddle little bottle, toddle toddle little pint;*
*Many a drink have I drunk, many a Shaft have I sunk;*
*I'll drown in my sorrows, I'll drown in my drink*
*And bugger anyone who tells me to think.*

COOLING his heels in the local prison cell, Sisyphus composed these memorable lines. As you all know, our Sissy is no *ordinary* jail-bird, so how on earth did he come to be there? Let me explain. It was a dark and dank night with much mischief abroad (what with sozzled students pretending sober sojourns on oh! so innocent ladies residences) when the police decided to prowl the not-so-empty streets by nights in fast but rather noisy cattle wagons. Then, horror upon horrors! They find our hero, who, in his natural gay state, is playing hop-scotch in the middle of the road. Mistakenly thinking that this frivolity is a sign of artificial inspiration they arrest him in the middle of a leap. No questions asked, and whopsee-daisy, he is bundled into the van. End of story.

Things have changed, though. The events cited above took place in the good old days. (If they had happened now, Sisyphus would have been expelled, and our *demi-monde* would have been deprived the esoteric delights of this column.) Without being melodramatic, let me just say this: it was a time when streaking was an everyday event rather than a happening in the Art Department's Open Week, when the Simon van der Stel Feast meant all-day, all-night boozing to oompah music in a beer hall, instead of insipid sipping of limited quantities of wine within a limited space of time. It was a time when besides the old Twelve Apostles, there were luscious lasses who called themselves the twelve apostles; finally it was a time when a distinction was made between "pret" and vandalism. Even Sisyphus has been affected by this malady of the times, and instead of doing mischief, he is now reduced to writing mischief.

Perhaps Sisyphus is being sentimental, though. After all, isn't our Carnival, which really marks the height of our social season, pretty much the same as it has always been? We still have the week in which Rag queens are chosen, "sokkies" and dances held virtually every night, and, of course, where the floats are built. There are subtle differences however. The voices that complain about the "onsedelike bewegings van die manlike drompoppies" and "drankmisbruik" seem to be getting stronger and stronger. There is now a committee (the typical bureaucratic response) whose task it is to investigate this latter "problem", and there is even talk of scrapping the folk festival. People don't seem to realize how watered down our present folk evening already is. Where are the mad dog nights of open air festivals such as were held in the past at Vergenoeg and below Papagaaiberg? Judging by the number of people that were present and who enjoyed themselves, these folk festivals were a great success. This fact does not seem to have entered the minds of those who regard themselves as guardians of our values. They continually fret about our "beeld na buite", which in their eyes should be a uniform one in which we all wear the colours of a Christian creche. Now Sisyphus himself is not a lover of big open air gatherings such as folk festivals, but he doesn't condemn those who are. After all, it takes all types to make a community, and it's a matter of taste to which type one belongs. Sisyphus seeks his comfort in smooth silk sheets but who is he to criticise those who prefer the pleasures to be found in dirty sleeping bags?

What about "drankmisbruik"? There are so many fallacies about the consumption of liquor it's difficult to know where to begin. How about the

Continued on p. 12

# 'SR SLINKS MET PLANNE VIR AFFILIASIE'

BERNI BUYS, HEROLDSTRAAT 26, skryf:

GRAAG wil ek van 'n stukkie persvryheid gebruik maak en enkele opmerkings maak oor die huidige ASB-kookpot. Vir my gaan dit nie her oor pro-/anti-affiliasie nie, maar oor die slinkse wyse waarop die SR besig is om Stellenbosch by die ASB te affilieer.

Dit wil vir my voorkom asof die SR reeds vir affiliasie in die een of ander vorm besluit het; d.i. as ek mnr Jan de Wet se mosie van 28 Maart korrek interpreteer. Die referendum van 25 April sal dan bloot die finale afronding wees waar getalle bepaal word. Indien my interpretasie korrek is, is die SR besig om vir homself magte aan te matig waarvoor hy geen mandaat van die Studente-unie ontvang het nie. Juridies gesproke is 'n besluit van die Studente-unie (ook die 1968-disaffiliasie besluit) bindend op alle volgende Studenterade tot tyd en wyl dit deur die Studente-unie self herroep word. Kortom; die huidige SR is nie by magte om enige bindende besluite aangaande ASB-affiliasie te neem nie! Neem 'n SR 'n besluit wat 'n besluit van 'n studente-unie teengaan, is sodanige SR-besluit totaal kragteloos en van nul en gener waarde. Besluit die Studente-unie dus op 25 April *VIR* heraffiliasie, *MOET* die SR by die ASB affilieer. Besluit die studente-unie egter *TEEN* affiliasie *MAG DIE SR ONDER GEEN* omstandighede affilieer nie! Wat ek dus wil sê, is dat die SR hom moet *BERUS* by die meerderheidstem.

Om vir 'n minderhed te gaan affilieer (indien dit die geval gaan wees) en dan pro rata SR-lede te affilieer, is die onsinnigste konstruksie wat ek in 'n lang tyd teëgekom het. Om vir 'n minderheid te gaan affilieer sal nog steeds beteken dat Stellenbosch 'n ASB geaffilieerde kampus sal wees en 'n blatanter verkragting van die beginsels van demokrasie is kwalik denkbaar.

### DUN EN DEURSIGTIG

Mnr Jan de Wet se motivering dat daar 'n behoefte by sekere studente vir affiliasie bestaan, is maar bra dun en deursigtig. Graag stel ek aan mnr De Wet die vraag: "Hoeveel is die sekere studente? Is dit 20 of 100 of 151 of dalk 8 000?" Ek glo nie hy sal kan antwoord nie. Dus 'n stukkie advies: Moenie die disselboom voor die donkie span nie. Stel *EERS* vas en kom *DAN* met 'n mosie. Die hele gees van hierdie jurisdies kragtelose mosie setel daarin dat die meerderheid dalk anti-ASB gaan stem. Dus is dit 'n voorsorgmaatreël waardeur die SR, in die geval van 'n anti-ASB-uitslag sy sienswyse op uiters ondemokratiese wyse op die swygende massas wil afdwing! Ek voel mnr Hilgard Bell het die juridiese posisie korrek ingesien; vandaar sy amendament. Die ander SR-lede kon òf nie die posisie insien nie òf dalk wou hulle dit nie insien nie.

Stem die Studente-unie dus pro-ASB sal ek dit met 'n oop gemoed oorweeg om 'n lid van die ASB te word. Ek sal dan immers 'n mandaat vir sulke optrede van my medestudente hê vir sodanige optrede. Maar stem die Studente-unie anti-ASB, sal ek beslis nie een van mnr De Wet se pro-rata minderheidslede van die ASB word nie. My gewete sal my nie toelaat om die beginsels van demokrasie so selfsugtelik te help verkrag nie!




DIT WIL LYK OF DIE NEEF DAAR AGTER DIE BOOM WIL NADER STAAN.

# GROOT BRAG VERHEF TOT OU GLORIE

TEX ROUX, INTERVARSITY-KOMITEE, skryf:

MET ter inligting. 'n Groot dag is in aantog. Dit is 17 Mei en die aand van die Groot Brag met Ikeys.

Ek wil dit aan almal noem dat ons vanjaar wil poog om hierdie geleentheid te verhef tot sy ou glorie, aangesien die sukses van die byeenkoms 'n negatiewe grafiek oor die afgelope paar jaar toon.

### KORT PROGRAM

Daar gaan probeer word om 'n kort program aan te bied (d.i. trompoppies inkluis). Die idee is om soveel mense moontlik daar te hê of hulle nou by die sing-songs was of nie. Verder wil ons die byeenkoms vanjaar in die D.F. Malangedenksentrum hou vir maksimum klankeffek en vir groter gemak van die studente. Direkte verbinding gaan weer met die Ikeys verkry word en daar sal definitief probeer word om dié swak skakeling te verbeter.

Veel meer kan daar nie op hierdie stadium gesê word nie, net: "Hou die kennisgewings dop. Ruk op in julle hordes. Ons moet die Ikeys laat lesopsê!"

# Publikasie-komitee keer stimulasie en humor

GERRIE BOTHA, skryf:

EK het Kosbus Pienaar (van *Perspektiewe en Dinge*-faam) se apologie in *Die Matie* (5/4/1979) met groot belangstelling gelees. Die Publikasie-komitee het hul sin gekry en die sedes van die volk en veral die studentegemeenskap is weer eens beskerm. (Weliswaar nadat die perd al 'n paar draaie gehardloop het.)

Dit het blykbaar ook gedurende hierdie tydperk onder die Publikasie-komitee (onder voorsitterskap van mnr Piet Stofberg) se aandag gekom dat daar al geruime tyd 'n ander rubriek op dieselfde bladsy verskyn as *Perspektiewe*. 'n Rubriek wat met elke aflewering op prysenswaardige wyse 'n senuwee van die lewe tussen twee vingers vasvat en so 'n bietjie rondskud. Onderwerpe soos politiek, godsdiens, die pers, sedes is al bespreek. Die resultaat was altyd nog van hoë gehalte. Ek verwys natuurlik na Sisyphus en die wyshede wat hy elke week in sy kolom kwytgeraak word. Met die laaste aflewering egter is daar 'n paragraaf gesensor. Was dit gedoen om mnr Pienaar beter te laat voel oor die teregwysing wat hy ontvang het? Of heers daar tans 'n algemene vrees vir wat volg ná die publikasie van enigiets wat nie strook met wat die Publikasie-komitee (as sub-komitee van die SR) as wenliks (of sedelik) beskou nie?

Om terug te keer na mnr Pienaar se apologie: As 'n Mens in ag neem dat hy tans tweede in bevel van *Die Matie* is en moontlik die leisels vir die volgende termyn kan oorneem, kan hy seker nie kwalik geneem word dat hy wel kopgegee het en apologie aangeteken het nie. Daar is inderdaad baie op die spel.

Dit wil myns insiens nou voorkom of hierdie 'n klassieke geval was van die Publikasie-komitee wat mnr Pienaar aan sy ore beetgehad het.

### WAGTERS BY POORT

Aan die Publikasie-komitee 'n hartlike woord van dank vir hul moeilike en onbelonende taak as wagters by die poort téén alles wat enigsens stimulerend of uitermate humoristies kan wees. Doen so voort.

# 'N ANDER KANKER

HERMAN STEYN, SIMONSBERG, skryf:

IN ons poging om polities meer kreatief te word en om die juk van passiwiteit af te skud, kyk ons baie maal die natuur, waaruit ons kom, heeltemal mis. Boonop roem ons maklik daarop dat ons die meeste van die omliggende berge platgeloop het, maar by nadere ondersoek blyk dit dan dat diegene 'n baie vae idee van indringerplante het. Indringerplante is uitheemse plante wat daartoe in staat is om ten koste van inheemse plantegroei te versprei en dit te verdring. Om die natuur lief te hê impliseer ook kennis, en net so is die kennis van sy vyande uiters noodsaaklik.

Ons Universiteit vertroetel die volgende indringers: twee dodelik giftige plante nl. Selonsrose by Majuba en Lantana by Irene, Bugweed by Sonop en Harmonie, Sesbania's by Majuba en Langblaarwattel en jong Hakea agter die nuwe rugbystadion.

### GAPING WORD GROTER

Die gaping tussen die mens en natuur word al hoe groter en met ons traak-my-nie-agtigheid as studente vorm ons deel daarvan.

### LEER KEN

Ek sal graag wil sien dat studente en buitelugontspanningsorganisasies moeite sal doen om hierdie kanker in ons plantegroei te leer ken en die nodige maatreëls toe te pas. Die Dept. van Natuur- en Omgewingsbewaring van die Kaapse Provinsiale Administrasie gee 'n handleiding *Indringerplante mooi, maar gevaarlik* uit wat onontbeerlik is vir die opregte natuurliefhebber.

EIKE BOEKHANDEL
Beyerstraat (Langs die Spur)
Tel. 6139
Sagte- en Hardebandboeke
Groetekaartjies
Skryfbehoeftes
Tydskrifte
Geskenke
Fotokopieë
OOP SAANS TOT 8:00

117 Main Rd.,
Green Point
Ph. 449767
1st Floor,
Trust Bank Centre,
Stellenbosch
Ph. 70641
ZORBA
STEAK HOUSE
GREEK ATMOSPHERE
GREEK STEAK
GREEK SERVICE
FULL CATASTROPHE!

# SR KAN BAIE LEER BY ANDER KAMPUSSE

DEUR RENIER KOEGELENBERG

*Funksioneer die SR administratief effektief?*

DIT is 'n vraag wat myns insiens met goeie reg gevra kan word. Met die besoek van die SR aan die noordelike kampusse het dit weer eens geblyk dat Stellenbosch op sekere gebiede steeds toonaangewend is. Hier dink ek veral aan ons bereidwilligheid om polities te besin. Tog was dit aan die ander kant net so duidelik dat ons ook heelwat kan leer by ander kampusse. Dit geld veral ten opsigte van ons administrasie en portefeuljehantering.

**Dit is in die lig van bogenoemde dat die SR 'n ad hoc kommissie aangewys het om ondersoek in te stel na die moontlikheid om ons eie stelsel so te herstruktureer dat dit meer effektief sal funksioneer.** Volgens my is ons huidige stelsel definitief nie die mees doeltreffende een vir ons behoeftes nie. Dit het myns insiens bygedra tot die krisis wat rondom die Studenteraad



van die vorige termyn ontstaan het. Dit is ook so dat die Studenteraad baie van sy aansien verloor het vanweë sy afgewarterde rol wat hy binne die huidige stelsel speel.

### VOORBEELDE

Dit kan ek baie maklik met die volgende voorbeelde illustreer. Die Studenteraad het tans geen effektiewe inspraak in koshuisaangeleenthede nie. Die skakeling met die Primarii- en Primariae-komitee het in ons huidige stelsel al dikwels skipbreuk gely. Dit was hoofsaaklik die gevolg van 'n onbevredigende skakelingsmeganisme.

### SR-LID WORD BODE

Nog 'n voorbeeld van oneffektiewe administrasie is die huidige skakeling tussen die Karnavalkomitee en die Studenteraad. Die Karnavalkomitee is een van die belangrikste komitees op die kampus. Op die oomblik is die SR-lid wat met Karnaval belas is, niks meer as 'n bode wat tussen die Karnavalkomitee en die studenteraad boodskappe vervoer nie.

'n Verdere voorbeeld van lompe administrasie is die feit dat die meeste SR-lede twee of drie portefeuljes moet behartig. Dit is logies dat 'n lid nie sy beste kan lewer as sy aandag so verdeeld is nie.

In die lig van hierdie paar voorbeelde is dit dus duidelik dat daar by ons stelsel ruimte vir verbetering is. Daarom sal ek my beywer vir 'n stelsel wat meer by ons behoeftes pas. Dan sou ek die volgende voorstelle wou maak. **Die SR moet in die eerste plek so vergroot word dat die lede minder portefeuljes, verkieslik een, het.** Volgens die grootte van ons studente-unie behoort ons SR tot ten minste sewentien lede vergroot te word.

Verder dink ek ook dat ons baie baat daarby kan vind indien ons 'n beperkte getal verskansde portefeuljes skep. Dit sal beteken dat persone dan spesifiek vir hierdie portefeuljes in 'n verkiesing kan staan.

Hier sal dan bepalings geformuleer moet word wat sal verseker dat die mees bekwame persoon vir die bepaalde portefeuljes verkies sal word. Aan die ander kant moet daar ook 'n minimum grens gestel word ten opsigte van die aantal stemme op grond waarvan so 'n persoon verkies kan word.


## MENINGS-AKTUEEL

Ek dink veral aan die verskansde portefeuljes vir die Primarii- en Primariae-komitee. **Indien ons kan verseker dat die voorsitter en voorsitster van hierdie komitees in die SR dien, sal dit 'n geweldige bate vir die studente-unie wees.**

**Verder dink ek dat die Karnavalvoorsitter ook in die SR behoort te dien.** Vanweë die groot verantwoordelikheid wat op hierdie komitee rus, is dit vir my 'n uitgemaakte saak dat die voorsitter in die SR behoort te dien.

Nog 'n ander moontlikheid is dat US-Gesprek ook 'n verskansde portefeulje kry. **Vanweë die omvang van hierdie portefeulje vereis dit dat die voorsitter wel vorige ondervinding op die komitee gehad het.**

Samevattend kan ek dus net sê dat 'n stelsel nooit 'n waarborg sal wees vir verbeeldingryke SR-optrede nie. **Aan die ander kant is dit egter ook so dat 'n swak stelsel verbeeldingryke optrede kan belemmer. Dit is op die oomblik by ons die geval.**




*En waarom nogal nie?*

# SIELKUNDIG ABNORMAAL?

DAAR is reeds deur en deur bewys dat die oorgrote meerderheid van voorgraadse sielkundestudente van Stellenbosch gebuk gaan onder "bepaalde sielkundige probleme" wat skynbaar enige in sy soort is.

Omdat hierdie probleme vir die student wat erns maak met sy sielkunde verreikende gevolge het, is dit nodig om te weet wat hierdie groot probleem is. En dit is: **Die sielkundestudent vind dit moeilik om die teorie wat hy via handboeke en lesings kry, effektief toe te pas in die praktyk van elke dag.**

### PROBEER HELP

Die behandeling van hierdie probleem? Die Sielkunde-vereniging probeer geleenthede skep om die vak meer prakties te maak. So word daar vanjaar uitstappies na sielkundige inrigtings (bv. Stikland, Valkenburg) onderneem, 'n simposium later vanjaar gehou en byna elke tweede week 'n etenstydfilm oor allerhande sielkundige aspekte wat aansluit by die klaswerk gewys, bv. films soos *Just a Ripple on the Surface*, (epilepsie), *The Troubled Mind, Booked for Safekeeping*, (Kriminele Sielkundige Gevalle), *Handling Marital Conflicts*.

'n Uitnodiging word aan alle studente (maar veral sielkundestudente) gerig om vanjaar mee te doen aan die aktiwiteite.



*Die sielkunde-komitee bestaan uit: V.l.n.r. Lourens van Wyk, Gerhard Steenkamp, Jill Armstrong (voorsitster), Malan du Toit, Shawn Clunie, David Muller en Belinda Heyns (onder-voorsitster).*

DEVON VALLEY HOTEL
★ ★ TYYY
STELLENBOSCH TEL. 3814

A LA CARTE RESTAURANT
DAMES SE KROEG.
TEN VOLLE GELISENSIEERD
ALLE KAMERS MET PRIVATE
BADKAMERS, RADIOS, TELEFONE.

IN DIE HART VAN DIE STELLENBOSSE WYNROETE

NATUURLIKE UITSIG VAN HOTELSTOEP.
EET EN DANS ELKE SATERDAG MET
DIE ORKES VAN JOHAN STEMMET.
KLAVIER-, ORREL- EN KITAARMUSIEK

HAUM
Die student se boekwinkel
Trustbankgebou
Andringastraat
Stellenbosch
7600 TEL. 4440
Posbus 343 2906

Tikwerk vir Studente !
Privaat tikwerk teen billike pryse! Vir verdere besonderhede, kontak Sandra Venter by 6523 of Huis ten Bosch Anneks, H.v. Bosman en Victoriastraat.

Cobwebs
Dorpstraat 145
LEWENDIG
BYDERWETS
GOEIE SMAAK
Juweliersware, glasware, kerse, Liebermann- en Lesotho- erdewerk, maandjies en grasmatte, kaftans, leerwerk, beursies, syserpe en sjaals.
DRUKKERSLAAIE en alles om hulle vol te pak.
VINOTIQUE met glase, wyn-rakke, boeke, kurktrekkers, vaatjies, wyn kraffies.
Ons maak ook gaatjies in die ore

# BEKER PRONK VIR ALTYD IN MATIELAND

**Kampioene**



*Robbie Blair en kaptein Boland Coetzee hou hier trots die Toyota-trofee omhoog.*

DIE Maties het gedurende die Paasnaweek die Toyota-klubtoernooi vir die vierde keer in vyf jaar gewen deur Tukkies in die finaal met 27-11 te klop. Aangesien dit ook die derde agtereenvolgende jaar was waarin die Maties hierdie toernooi gewen het, het hulle nou die eienaars geword van die trofee, en sal 'n nuwe een gemaak word vir volgende jaar.

En op watter skitterende wyse het die Maties dit nie reggekry nie! Die Maties is met 'n verswakte agterlyn na Durban, nadat spelers soos Agie Koch, Deon van Blommenstein, Gys van Schoor en Swys Joubert weens beserings nie beskikbaar was nie. In Durban het die Maties egter rugby van so 'n aard gespeel dat hulle bestempel is as die beste Matiespan wat nog daar gesien is.

### REKORDS

Hierdie bewering word deur statistieke gerugsteun, want 'n hele streep rekords is opgestel deur hierdie Matiespan van Boland Coetzee. Die telling van 97-9 teen die Pukke is die grootste wat nog ooit daar behaal is. Die 26 drieë en 165 punte is ook die meeste wat enige span nog in drie wedstryde in hierdie toernooi kon behaal. Robbie Blair het met sy 61 punte ook gesorg vir 'n nuwe toernooi-rekord.

In die eerste wedstryd klop die Maties die Pukke, soos reeds vermeld, met 'n rekordtelling van 97-9. Hierdie wedstryd was gekenmerk deur uitstekende spel, wat miskien as die beste ooit deur 'n Matie-span gereken kan word. Dit word bewys deur die baie punte wat deur beide voor- en agterspelers aangeteken is. Baie kenners was van mening dat dit die mees korrekte, foutlose rugby was wat in jare in Suid-Afrika gesien is.

Die tweede wedstryd was teen die sterk Natalse span, Durban Collegians. Nadat die Natallers sommer met die intrapslag punte aangeteken het, was dit Boland Coetzee en Adam Barnard wat met uitstekende spel die Maties teruggebring het in die wedstryd, en gesorg het dat die Maties sommer vroeg in die wedstryd al die hef in die hand gekry het. Alhoewel die Maties die wedstryd baie goed en oortuigend gewen het met 41-21, word twee van hul spelers, Pierre en Tollie Oosthuizen, ongelukkig beseer.

Die Maties het dus weer deurgedring na die finaal en ná die onlangse nederlaag op Coetzenburg was hul opponente, die Tukkies, sekerlik oorgehaal om wraak te neem. Die verrassingselement van die ervare Dok Craven het egter weer die Tukkies aan die raai gehad toe Divan Serfontein, en nie Martyn van Blommenstein nie, skrumskakel speel, nadat Martyn in die vorige wedstryd teen hulle 'n uitblinker was. Die ander verrassing was die voorry wat heelwat anders gelyk het deurdat Sakkie Mocke in Hempies du Toit se plek gespeel het, en Flippie van der Merwe oorgeskuif het van die vaskopkant. Hierdie veranderinge moes sekerlik die Tukkies se planne deurmekaar gekrap het en dit het baie effektief gewerk, want dit was die voorspelers saam met Serfontein wat die Tukkies se fut uitgehaal het. Dan was daar nog die drie skitterende drieë van Adam Barnard, wat vir hom naam gemaak het met sy doelgerigte lopies nadat hy as onbekende faktor na Durban is, wat die wedstryd in die Maties se guns geswaai het.

### AFRIGTINGSMETODES

Die sukses wat die Maties vanjaar en ook verlede jaar behaal het, kan in 'n groot mate toegeskryf word aan die nuwe afrigtingsmetodes wat Dok Craven van verlede jaar af op die Matiespanne toepas. Verlede jaar het dit reeds gedien as wenresep en dit lyk of dit vanjaar vervolmaak word. Die afrigtingsmetodes behels basies die verkryging van absolute fiksheid en vaardigheid in spel gedurende die oefeninge. Dit kom dus in 'n groot mate neer op kontakrugby in die oefeninge waar die belangrikste kenmerk van alles die **beheer** van die bal bly.

Hierdie oefenmetodes kan as die direkte oorsaak gesien word van die feit dat die Maties 'n span soos Tukkies, en selfs Durban Collegians, wat bekend is vir hul voorspelerspel, so oortuigend geklop het in daardie afdeling van die spel. Die Maties kom deesdae met uitstekende voorspelerspel vorendag, en veral wat hul dryfspel en die losspel betref, is daar baie wat ander provinsiale spanne van hulle sal kan leer. 'n Mens hoop net dat hierdie uitstekende spel waarmee die Maties die seisoen ingelui het, as basis gebruik sal word deur die Westelike Provinsie, en dat daar voortgebou sal word op die Maties se hoogs effektiewe spelpatroon.

**KOBUS BASSON**

# MATIE-STOEIERS PRESTEER

VIR die Maties beloof 1979 om 'n baie opwindende stoeijaar te wees. Die jaar het met 'n hoogtepunt begin toe die Interkoshuiskompetisie meer as sewentig stoeiers gelok het. Ongelukkig gaan vele talent daarna verlore omdat dit moeilik is om op Stellenbosch aan meer as een sportsoort deel te neem en stoei nie so gewild is nie. Verder heers daar ook 'n groot onkunde op die kampus oor wat amateurstoei werklik is en word daar nie besef dat dit een van die skoonste kontaksporte is nie en dat beserings selde voorkom.

By die WP-Proewe, is agt Maties gekies vir die WP-span wat oor die Paasnaweek aan die Kuskampioenskappe in Port Elizabeth deelgeneem het. Wat die prestasie soveel groter maak, is dat slegs 11 stoeiers aan die proewe gaan deelneem het.) Die stoeiers is: Louis Jones (onder 48 kg), Gerhard Bredenkamp (52-57 kg), Nico Bredenkamp (57-62 kg), Louis Conradie (62-68 kg), Nico Loubser (68-74 kg), Jannie van der Merwe (68-74 kg) en Fanie Vermaak (74-82 kg).

### GOUE MEDALJE


Net vyf van die agt het wel gaan deelneem omdat Conradie, Loubser en Van der Merwe hulle van die span onttrek het. Van die res het Fanie Vermaak 'n goue medalje verower te midde van sterk teenstand van die ander provinsies — Natal, OP, Boland en Noord-Natal. T. Fourie (90-100 kg) van die Militêre Akademie in Saldanha, wat vir Boland gestoei het, het ook 'n goue medalje ingepalm.

Vir Matiestoei lyk die vooruitsigte vir die jaar baie interessant. Benewens ligawedstryde wat gaan plaasvind, is daar ook van tyd tot tyd afrigtingskursusse wat aangebied word en vriendskaplike toernooie teen Bolandse klubs.

Die eerste liga-toernooi vind op 5 Mei plaas wanneer die seniors teen Weermag, heelwaarskynlik in die D.F. Malangedenksentrum, te staan sal kom. Dan is daar ook nog die SAU-kampioenskappe wat hierdie keer by RAU vroeg in Juliemaand plaasvind. Hiervoor wil die Klub dan ook 'n sterk span inskryf. Die algemene verwagting is dat die US-Stoeiklub vanjaar besonder goed sal vaar in al die kompetisies waaraan hulle gaan deelneem.

### FANIE VERMAAK

Ten slotte kan die Klub ook spog met 'n stoeier soos Fanie Vermaak wat die uitstekende prestasie gelewer het deur by die Springbokproewe wat gedurende Maart in Klerksdorp gehou is, 'n tweede plek te behaal. Hiermee het hy 'n besondere navolgenswaardige voorbeeld vir elke stoeier in die WP en op Stellenbosch gestel, want sonder harde werk en opoffering kan sukses nie verwag word nie.






**KWARTUS SIEBERHAGEN**

ONS rugbyspan het die afgelope vakansie die Universiteit se naam hoog gehou (sien hoofberig). Namens die sportredaksie wil ek ook hiermee aan dr. Craven en sy spelers ons hartlike gelukwensinge oordra. Dit is jammer dat ons nie aan die einde van die jaar 'n toekenning vir die beste sportspan het nie. Die eerste rugbyspan sou beslis 'n baie sterk kandidaat daarvoor wees.

Die koshuiswedstryde is nou ook weer in volle gang. 'n Interessante verskynsel is dat die privaatwyke sterker skyn te wees as in die verlede. Die hoofrede wat hiervoor aangevoer word, is dat spelers net vir die koshuis waarin hulle woonagtig is, mag speel. Dit het die residensiële koshuise van spelers ontneem wat in die verlede nog vir hulle sou kon gespeel het.

Is môre se trapkarwedren 'n sportbyeenkoms of is dit net "sports"? As 'n mens so na die verskillende koshuise se mense luister, besef 'n mens dat dit 'n geweldige ernstige storie is. Watter koshuis gaan vanjaar wen? Verlede jaar het Helderberg Dagbreek in die laaste rondte verbygesteek om die eerste koshuisspan te word. Beide koshuise het vanjaar nuwe karre en sal hul beste lewer. Of is daar miskien 'n onbekende faktor in 'n bedreiging wat van 'n ander koshuis mag kom. Die manne wat gaan trap, sal hul storie moet ken.

### FIETSTOER

Verlede Saterdag het 'n Kaapse middagblad in samewerking met die Westelike Provinsie-Trapkragvereniging 'n fietswedren om die Kaapse skiereiland aangebied. Die Maties het besonder goed presteer deur die eerste drie plekke in te neem. Hans Degenaar het die afstand van 104 kilometer afgelê in 2 uur 52 min. 38 sekondes. Tweede was Pierre Smit en derde Wimpie van der Merwe.

Die skrywer het self, sonder veel oefening, die roete aangepak en tot die gevolgtrekking gekom dat 'n mens nogal fiks moet wees vir so 'n storie. Dit het by my die vraag laat opkom, vir watter sport moet 'n mens die fikste wees, liggaamlik sowel as geestelik.

As 'n mens daaroor sou debatteer, sou dit seker 'n hewige polemiek afgee. Tog sal dit interessant wees om mense se menings te hoor, maar dit moet baie duidelik gemotiveer word. Briewe kan aan die Sportredakteur, *Die Matie* gerig word. In 'n latere rubriek sal ek dan kan verslag doen oor al die verskillende menings en idees.

Met die verlies van Willie Loots as sportorganiseerder en Andries Krogman as afrigter word daar leemtes gelaat wat moeilik gevul kan word. Namens alle Maties wil ek hulle bedank vir wat hulle vir Stellenbosch beteken het.

**ON-THE-SPOT**
**DROOGSKOONMAKERS**
H/v Andringa- en Kerkstraat
**20%** AFSLAG VIR **US** SE MENSE
Probeer ons Selfdien Muntstuk Wassery



Wynkenners kies
Witzenberg
-ware wyn van die land
Witzenberg
LANDKEUR
KEURIGE ROOIWYN
CHOICE DRY RED WINE
750 ml
Witzenberg
LANDKEUR
STEIN SELECT
HALFSOET WITWYN
750 ml
Waar wyn 'n leefwyse is, is Witzenberg
die keuse. 'n Wye reeks van natuurlike, eerlike
landwyne – geurig vir die neus, vrugtig
op die tong, suiwer genot uit die wingerdstok.
Kennerswyn vir aldag se skink.
Teen 'n prys waarop elkeen kan klink.
Die manjifieke Witzenberg-reeks
Droë Wit · Perlé Rosé · Perlé · Keurige Rooiwyn · Stein Select · Edelgoud Late Harvest
NOU OOK IN DIE SIERLIKE 2-LITER MAKSI-KRUIK